# CHRIS DE WEERDT

**Datum:** **1 Maart 2010**
**Plek:** **Silverlakes Pretoria**
**Vraagsteller (V):** **Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis |Universiteit Stellenbosch**
**Antwoordsteller (A):** **Chris de Weerdt | Werktuigkundige | SANAE 1 |1960**

**A:** Ek begin by die boot, waar ons weggetrek het. Daar was baie ... oor die 300 aansoeke vir die poste gewees wat geadverteer is, en die manne was baie gedetermineer ...

**V:** Waar het hulle dit geadverteer?

**A:** In die koerante. En toe's 'n kortlys opgestel. Toe moes ons vir praktiese toetse gaan hier by Koedoespoort in die werkswinkels, staatswerkswinkels.

**V:** Vir watter pos het u aansoek gedoen?

**A:** As 'n werktuigkundige. Ek's 'n opgeleide Rolls Royce-werktuigkundige. Dis my vak.

**V:** Rolls Royce nogal; dis die Koningin se kar!

**A:** Ja. Ek het self een gehad, vir vyftien jaar 'n plat Silver Spirit gery, voor my aftrede. Maar nietemin, toe sit ek daar, tussen al die slim ouens. En die ou sê nee, hy't 'n BSc in meganiese ingenieurswese, en daai ou is dit, en hierdie ou is dit ... En ... almal kan maar huis toe gaan. Maar toe kom die persoon in met die wit jas, en hy sê, kyk, dit maak nie saak nie dat jy die maat van die Minister is of die seun van dié ou of 'n vriend van dáái ou; hier gaan dit om lewe en dood, en die ou wat hier deurkom, is die ou wat gaan. Dis eenvoudig soos dit is, ons gee nie om wie jy is en waar jy is nie, as jy die werk kan doen, het jy dit. Nouja, toe neem hulle ons in die werkswinkel in en toe word ons getoets. Ons moes sweis, ons moes sny; ons moes allerhande goed, stories, doen. En daar sommer het die meeste van die ouens uitgeval, want hy kan nie die meganika doen met die handwerk en die sweiswerk ... Nou, omdat ek jou gesê het, ek was by die koöperasie, het ek alles by die koöperasies gedoen ... het ek ... ek het depots gesweis en struktuurwerk gedoen en vurkhysers herstel en strukwerk. So ek het 'n goeie algemene kennis; ek weet alles van stootskrapers en padskrapers en wat van masjienerie af, so dit was nie vir my 'n vreemde omgewing nie. En ek het toe al die pad deurgekom tot ons by 'n groot D-6 Caterpillar-trekker gekom het. Toe sê hulle vir my, kyk, dis nou jou trekker op die Suidpool; sit hom vir ons aan die gang. Nou dié ding het nie 'n self-aansitter nie; hy't 'n enjin wat jy moet aanskakel en met die enjin – die groot enjin – laat hulle hom so gaan. Toevallig het ek dit geweet. Dié ding laat loop, en toe loop hy nou ... Dis wat hy sê ... Hulle ... Hierdie man sê toe dié enjin het gebreek en daar was 'n enjin in 'n krat, en jy't toe die enjin

ingesit. Die ander enjin is heeltemal uitgebrand; hy lê daar eenkant. Nou hoe sit jy hom nou aan die gang? Wat is die proses wat jy volg? Dan moet jy water, al die vloeistof, water, olie, alles nagaan, kry hom aan die loop, Toe sal ek vind ’n inspuiter, en ek maak hom oop en ek sien daar’s die kleppie – hulle het die kleppie uitgehaal, en ek sien die kleppie is weg. Die ou sê, maar is jy ... ‘n sertifikaat van die Departement dat jy in hierdie afdeling van die diesel enjins mag werk, die inspuiters? Toe sê ek nee. Toe sê hulle, maar dan mag jy dit mos nie doen nie. Toe sê ek, Meneer, maar ek’s mos nou op die Suidpool; ek’s mos nou nie hier nie. Toe lag die ou. Toe merk hulle af. Maar toe sê hulle, nou maar goed, nou’t jy in die store gaan kyk en daar’s nie so ‘n klep nie. Wat maak jy nou? En dis toe waar ek begin klei trap het. Nee wat, ek het nog die ou enjin; ek gaan hom daar uitrol en insit en daar’s hy. Nou op daai punt het ek dit gemaak en Henry Fullton, wat saam ... hy’t nie daai deel onthou nie, want hy’t gesê nee, dan weet hy nie wat om te doen nie. So toe’s ek net daai fraksie voor. Toe’s dit nou my geluk dat ek nou saam met die span saamgaan. Terwyl ons mekaar ontmoet en ons medies ondersoek is deur ‘n dokter tot ‘n ginekoloog het ook al na als gekyk ...

**V:** Regtig?! So dit was ‘n kop tot tone ondersoek gewees?

**A:** Kop tot tone. Toe roep hulle my en hulle sê, kyk ... Nee, hulle roep eers toe al die manne bymekaar. Toe sê hulle een kêrel het dit nie gemaak nie – Vic von Brunn, die geoloog. Hy’t dit nie medies gemaak nie. Maar hulle soek sy kennis, want hy is die enigste ou wat die kennis van die Antarktiese staal verskuiwing het, en hy’s ongelooflik knap. En as al die manne toestem om een tiende meer te werk as wat ons van jou verwag, dan kan ons hom saambring. Ons sê toe natuurlik ja, natuurlik, *obviously*. En toe word hy my baba, want ek, werktuigkundige, as ons sy verldwerk doen, die trekkers en dinge, dan moet ek daar wees. Want as daai ding in die veld breek, dan’s die tot siens, jy sien.

**V:** Jy kan nie terug *hike* nie!

**A:** Nee, nie juis nie! En omdat hy veldwerk moes doen, word hy toe my baba. En ek kry toe streng voorskrifte van ... as ons ... 500 treë, dan moet hy eers rus, 5 minute – elke 5 km moet ek hom laat lê in sy slaapsak vir ‘n halfuur ... Die hele ry voorskrifte en goed.

**V:** Wat was fout met hom gewees, of hoe was hy swakker?

**A:** Ag, hy was net swakker – maer soos ‘n riet; bietjie blou, bloedarmoedig gewees, en al sulke soort van goed.

**V:** So dis maar net algemene ... ?

**A:** Algemeen, ja. Toe ons uiteindelik daar afklim, toe’s ek al om hom. Toe begin ons nou stap, die eerste stap, en na ‘n 100 treë, toe sê ek vir hom, Vic, nou moet jy eers rus;

toe sê hy maar ek's nog reg. Na 8 km, toe's ek kapot. Jong, hy was die taaiste ou van die hele spul gewees; daar was nie end aan hom gewees nie. Wys jou net hoe jy houself kan misgis met mense. En jy's nou net 10 ouens bymekaar, maar ek as werktuigkundige – want ek's 'n *mechanic*; ek't nie gegradueer nie; ek het nie tersiêre opleiding nie – so hierdie manne, hulle het almal ... jy weet, hierdie's 'n doktor en hý het ... en so ... en jy weet, dan voel jy bietjie eenkant. Nou kom ons op die boot bymekaar, en ek's nog maar "ja Doktor", "nee Doktor", "goed Doktor" ... want jy't jou dominee en jou onderwyser en die doktor – dit was groot mense, jy sien? Toe sien ek die boot, die Polar Bjorn – dis 'n Noorweegse robbejagter, so 180 voet lank en 28 voet breed en 480 ton opgesoek het. Hy's in 1926 gebou.

**V:** So hy was al 'n paar jaar op die see toe?

**A:** Wat 'n hoenderhok! Jy kan nie glo dat daai ding kon .. Ek luister ... Ek kyk na die meganika van die ding en ek hoor daai enjin – dis 'n groot meneer van 'n enjin – maar ek hoor daar's nie lekker nie; iets is nie lekker in daai enjin nie. En ek dink, jinne kêrel ... Maar nouja, toe's ons nou op pad. En sommer dadelik is die manne siek, en ek word nie siek nie. Ek weet nie hoekom nie. Ek was die enigste ou op die boot wat nie siek geword het nie.

**V:** Was u al tevore op 'n skip gewees op die oop see?

**A:** Ja kyk, ek's eintlik 'n Hollander; Ek kom van Holland af. So, interessant: ek dink die Minister het gesê, toe hulle die ekspedisie bymekaarsit, dat hulle ... die Noorweegse sê hulle weet nie of ons ouens dit kan vat op die Suidpool, op Antarktika, nie. En daar was toe 3 Hollanders en 1 Duitser uit die 10 wat hulle toe gekies het. So ek weet nie of hulle my gekies het en gehoop het dat as Europeërs kan ons dit maak!

**V:** Wie was die ander Hollanders? Dit was Dick ...

**A:** Dick Bonnema en Theo van Wyk.

**V:** Was Vic von Brunn 'n Duitser?

**A:** Ja. Vic, hy's 'n baie stil, baie akademiese ou, maar 'n fenomenale mens. Jy weet, omdat ek direk saam met hom gewerk het ... Hy was nie die populêrste ou in die groep nie, want hy's nie ... baie teruggetrokke en ... Hy kom van Piet Retief af ... of van Vryheid, in Natal ... In die oorlogsjare ... Sy pa was 'n dokter gewees en die mense ... die familie aangepak ... Hulle was eintlik Von Radio – sy pa was Dokter Von Radio ... En hy, as kind, het baie probleme gehad op skool. Hulle het sy pa se pragtige Mercedes-kar met klippe bestook; hulle het hulle huis se vensters ingeslaan – al daai lelike goed. Vic het emosioneel 'n lelike klap gekry; hy was baie teruggetrokke. Hy't sy van verander na Von Brunn, wat sy ma se nooiensvan was. So dis sommer net 'n aanduiding van sy geaardheid en dis ... Hy skryf net, en so aan, maar hy en ek het

baie, baie goed oor die weg gekom. Ons het saam ‘n kajuit gedeel op die skip en die soort van ding, jy sien. Nou ja, nou’s ons weg ...

**V:** Het die enjin toe probleme gegee?

**A:** Hy het; opgepak, ja. Toe is ons in Kaapse baai  en daai ou simpele robbejagtertjies is links en regs en al voor en af – jong, jy kan nie glo dat hulle so kan bokspring nie! Hannes is ons leier, doodsiek na sy kajuit, en die res ... daar was ‘n klompie waarnemers by, en die ouens is almal ... en Blackie de Swardt, die outjie van ons ... Nou sit die manne op sulke ou houtbanke in die ou salonnetjie – man, dis nie eens ‘n salon nie; dis sommer so die goeters op neergesit – en hy skree “Chris! Chris!” En ... Roep iemand my? jy weet. Daar’s ‘n man oor boord geval. Ek sê “wat?”, maar die ou, hy klou, hy kom neer en hy gaan tekere. Jong, en ek’s op na die brug, en die brug op ‘n skip is die heilige der heilige en ek kom en skree vir die Kaptein “Man overboard”. “Wat? Wat?” – die Noorweërs – stop die skip; soekligte aan, want dis al donker. Maar ek het ... toe voel ek ‘n ‘doef’, en ek dag hy’t seker ‘n boomstomp of iets geraak. Maar toe’t ons die *purser*, die hoof- ... wat was hy ... sy Afrikaanse benaming?

**V:** Ek’s nou nie seker nie. Die ou wat die sleutels uitdeel vir die kajuite, en sulke goed.

**A:** Daar’s hy toe weg. En almal het baie geskok ... Hulle het vliegtuie gestuur die volgende oggend en die hele nag ... Nee kyk, as die skip stilstaan, moet jy weet, dan spring hy eers. Toe, die volgende môre, toe’s ons verder. Hulle kon nie die ou kry nie. En die Noorweërs kon nie juis Engels praat nie, behalwe die hoof-ingenieur, en hy en ek het toe lekker gekliek en gepraat oor die enjin. Ek is toe in die enjinkamer, toe sê ek “Piston?” en hy sê ja, “pistôn”, jy weet ... ons maak maar sé, jy weet. Nou sit in ons in die salon; almal is nou lekker siek en ek en dié ou gesels. Hier kom die Tweede Offisier. En hy het ‘n bottel; kyk daai tyd, die rook trek uit hom uit. Ek weet nie wat dit was nie, maar dis fris goed wat hy gedrink het. Maar hy’s lekker geswaai en hy praat; en hy praat hard in Noorweegs en ek toe nou: “What’s he saying? What’s he saying?” Jy  weet, ek wil weet wat aangaan. Toe sê die ou, nee, hierdie ou dink ... hy sê ons dink hy’t die ou oorboord gestamp, want hulle was aardsvyande gewees; kon nie mekaar vat nie. Ons sê toe “Ag nee man. Moenie worry nie; niemand dink dit nie”, jy weet. En hy sit toe en hy drink, maar ek drink nie en die hoof-ingenieur drink ook nie, maar daai ou maak daai bottel klaar. Maar die volgende oggend het ek my emmertjie sop, gou die outjies bietjie voer, my kollegas, en ek stap toe in die gang af en hier kom die ou uit, en ek sê “Morning”, jy weet, “How are you?”, jy weet. Man, maar hy staan; hy steek ‘n sigaret aan; wat ek gedink het ‘n sigaret is ... ‘n slagdoppie ... toe blaas hy die kop af. Jô, nee dit was ‘n geweldige skok gewees.

**V:** Is dit hy wat julle begrawe het by Bouvet?

**A:** Dis hy. En ek kry vir André, die dokter, en die Kaptein kom ook uit en hy sê wat? Ek sê "Dokter!" en ek wys hom daar lê hy, jy weet, Van der Merwe. En André kom, hy sê "Gaan weg; gaan werk". Hy sê dit gaan nie help nie; hierdie ou is dood. In elk geval, ons het toe sy lyk in seil omgedraai en met bietjie ballast van ou ystergoed wat daar gevind is, en hy's toe ter see begrawe. Man, hy het ... Ons is toe tussen die Roaring Forties, die 40-breedtegrade, en ek is op die brug en ek kan onthou ons staan en kyk die Kaptein en dié kom en dan steek hy sy neus onder die golf in en tel hy hom op en dan gooi hy daai geweldige golf teen die brug. Ons is almal terug teen die muur. Die Kaptein is wit van die skrik, en ons almal ... Jy weet, daai is nie grappies nie, as jy dit kyk. Nou sien jy die aardbol, die rondte daarvan, en die volgende oomblik op, toe sien jy daai massa water om jou. Jy weet, dis ... jy dink "die ou skippie kan dit nie maak nie". Dit was eintlik 'n patetiese dinge gewees, maar toe't ons geweet. Toe begin ons toe die ys kry. En dit gaan goed tot ons 'n bietjie dik ys kry, en daar gaan daai suiers toe. Waar die Kaptein my roep, Hannes is by, toe sê hulle, "Hoor hier, jy moet gaan help". Die Tweede Ingenieur het met die selfmoordpoging totaal 'n senuwee-ineenstorting gehad, en ons het hom gesedeer en in sy kamer, in sy kajuit, toegesluit dat hy nie kan uitkom nie; vir die res van die roete het ons hom glad nie gesien nie. Toe sê hulle vir my kyk boet, gaan spring; jy gaan help. Toe sê ek *well*, ek is nie 'n marine ingenieur nie, maar kom ons gaan kyk. En daar het ek geweldig baie geleer. En ons het toe ... Ek het 36 uur aanmekaar gewerk toe kry ons die enjin weer aan die loop. Toe's ons verder ... jy ry agteruit en dan stormram jy die ding, stamp 'n bietjie en dan gaan jy maar ... Toe sê ek hierdie ding gaan nie hou nie – dis nou nog voor die enjin gegaan het, en toe gaan die enjin ook. Toe laat die Kaptein my weer roep, toe sê hulle, kyk hier ... absolute konfidensieël - van ingenieurs is by hom; ek sê nie vir Hannes daarvan nie. Ek moet doodstil bly. Ek hou by "*engineer problem*". Nou's ons vasgedruk in die ys. 'n Seestroom een rigting, dan beweeg die wind in 'n teenoorgestelde rigting en dan ruk jy jou uit en daar gaan jy. En toe die skip nou so lê, toe gaan ek saam met die hoof-ingenieur af en as julle die plate van die skip kan sien ... Ek kan dit skets, maar ... So lê hy, ja ... dis mos nou die yswater, né ... Dan kry jy ... hierdie plate, een van die plate het dít gedoen, toe ons nou als uitgebreek het; toe die skip só lê, jy weet. En deur daai kraak kan jy die ys sien. En hy sê as die wind nou gaan lê ... Maar ons is nou al so diep in die yswater in, die pompe werk voluit, maar kan daar uit ...

**V:** ... Kan nie uitkom nie ...

**A:** En die ingenieur sê: "Wat maak ons hierso?" ... dinkwerk, plan. En ons moet vinnig speel, en dit kraak. En wat ek toe doen, ons het 'n spoorweg *sleeper*, 'n paar van hulle, daar gehad, en toe't ons die een gesaag, met n'n ruwe vorm, só ... en ons het hom daargesit – teen daai ... ek teken 'n bietjie verkeerd ... só ... teen daai gedeelte ... nou só gestaan het. En toe het ons hierso 'n hefboom gemaak en 'n *block* en *tackle*

ingesit ... hy't eintlik só gestaan ... om te druk. En toe 'n paar matrose gekry en gesê: "Jy druk nie daai ding nie." Toe's dit nou groot probleme. En ons trek en ons trek. Maar toe begin die skip te kraak, 'n bietjie te beweeg, en toe kom hy 'n bietjie ... Toe kry ons 'n sweiser, maar die ingenieur kan nie marine sweiswerk – onderwater sweiswerk doen nie, en ek kan ook nie. Toe's ek baie verleë, toe sê ek "kom ons probeer." Toe't ons sommer 'n paar stukke skrootyster gevat en dit opge-*prop* en toe begin sweis. Man, 'n hopelose stuk *job* gewees, want om onderwater te sweis, moet jy geleerd wees daarvoor.

**V:** Ja, ek kan myself nie voorstel hoe dit sal werk nie.

**A:** Ja, jy gebruik ander stawe en ander maniere en so aan. En eers toe ek amper bo is, toe begin ons nou die ding, maar ons kon hom nooit werklik toemaak dat ons hom *cork* nie. En toe't ons een van hierdie olieklede van die matrose gevat en ingestamp in die krake in ...

**V:** Maar geïmproviseer?!

**A:** En toe ... Maar die twee matrose moes bly en bly trek aan daai belt om te keer dat hy uitdruk. Hy het 'n bietjie gehelp, moet ek sê, maar vir die duur van die rit was hy daar. En toe's hy weer terug na die Kaptein toe, toe sê ek "Maar, ek moet na my leier toe." Toe sê hy nee, Hannes kom; hy't hom laat roep. En toe vertel hulle ... En toe besluit ons bly doodstil daarvan, want dit was nou rêrig moeilikheid soek. Nouja, toe kom die volgende probleem: die rioolpyp uit die skip is vasgevries; die riole loop oor. Nouja, nou roep hulle weer MacGyver; hulle sê kom jong, maak reg. En ek het die spul bekyk; nou hoe nou ... Onder in die vuil ruim van die ou skip in met 'n blaasvlam, en daar waar die pyp nou by die see uitkom, met die uitvloei-T, jy sien, met die blaasvlam warmgemaak en gekyk of hy die ys smelt, maar dit help niks nie. Toe dink ek nou wat jong ... Toe maak ek 'n plan. Ons het 'n groot ... so dik pyp – 'n waterpyp waarmee hulle ... 'n waterslang waarmee hulle met die water die dek skoonspuit en so aan. En ek vat daai spuit, daai pyp, en ek druk hom in, stop hom met sakke en goeters vol ... Die een matroos het sy waterkoene en sy klere ... wat noem jy die ... Southwester ... wat's sy naam? ... daai olieklere wat hulle aantrek?

**V:** Ja, daai *oilskins*.

**A:** Ja. En hy moet binne-in staan. Maar die toilette loop oor en die reuk, die klankie, is nie lekker nie ...

**V:** Maar daar waai nou seker nie 'n windjie deur nie?

**A:** Nee jong, en daai matroos wil niks weet nie. Hulle kry toe die *bosuns* in; toe klim hy in, maar weet jy, daai oë sal ek nooit in my lewe vergeet nie. Ek sit toe pyp in en ek sê "Trap vas met jou voet en hou vas." Die rede hoekom ons dit gedoen het ... Want voor dit – laat ek myself in die rede val – het ons die probleem gehad die toilette

loop oor en die Kaptein sê iemand gebruik die toilette en as jy daai ou kry, is sy dae getel. En ek weet dis nie ons nie. En wat maak jy? Jy staan maar langs die kant, maar as jy ‘n toilet nodig het, dan’t jy een nodig ... En toe spring ek en ‘n paar matrose oor en ek bou ‘n *igloo* toilet ...

**V:** Op die ys?

**A:** Op die ys; op die see. Maak ‘n gat dwarsdeur, tot in die water, en ek het so ‘n bankie geïmproviseer met ‘n stuk hout op en dis nou die bek ...

**V:** So dan moet jy nou maar oorboord klim?

**A:** Ja, almal klim oorboord. Daar’s ‘n leer op en dan gaan loop jy maar soontoe ... En toe’t een van hulle – ek dink dis Martin du Preez, ek’s nie seker nie – *amafazi amadota* jy weet, oor die storie, sommer so op die ding vasgesit, kru, maar die wind het dit weggewaai, ongelukkig. Maar dit was darem ‘n bietjie pret gewees. Maar, toe kom haal hulle ons, en hulle sê, maar hoor hier, daardie ding is ‘n probleem, want die ouens se genitalië vries op; dit is ... gee hulle werklike mediese probleme. Jy moet ‘n ander plan maak. En die Kaptein, hy sê “But you make plan.” En dis toe waar ek toe die water ... jy sien. En hy vang nou ... Hy vang nog nie die ou wat oortree het nie. Nou staan die matroos in en hy trap vas en ek staan nog ‘n veiligerige afstand en die ou is daar by die kraan en ek sê “Jong, sit aan die water.” Jong, en hy gee net so ‘n dik stroom water, en ek dog dit gaan hom uitforseer. En toe ek opsit, toe hoor ek die gesuis en ‘n geskree en ‘n gestamp . Toe stop dit ... Nou wat gaan hier aan? Toe wat toe gebeur het – maar ek was nie bewus daarvan nie ... maar wag, as jy dit só kry ... hier’s ‘n muurtjie ... en dan het jy so dubbele toilet ... en dan het jy die een bak hier ... en dan het jy die toiletstoele, waarop jy sit ... en die pyp is ‘n u-vormige pyp met ‘n enkelpyp buitekant ... Ek het dit nie geweet nie. Toe sit ek die water hierin en toe ... en hy blaas so op ...

**V:** Daai kant uit ... ?

**A:** Die kok ...

**V:** Ag nee!

**A:** En die water het hom teen die ... Toe kry ons hom daar, met sy broek op sy knieë, bewusteloos, groot knop teen sy kop ... Jô, groot probleem. Maar in elk geval, hulle’t hom weg, en toe’s die prop daai kant; toe moet die ander matroos daar gaan staan. Maar daai matrose ... jong, hulle was ... Maar toe laat ek weer die water en wat ook al, toe kry ons dit reg. Toe werk die goed weer. Maar van alles ... toe met die spuitery het dit alles oor die dek agter en die ... Man, dit was ‘n gemors. En toe gebruik ek die tuinslang om die dek skoon te spuit en so aan. Maar die twee ouens het ... vir die res van die vaart was ek nie die populêrste ou gewees nie. Hulle het my sulke vuil kyke gegee.

**V:** Oor hierdie vuil werk wat hulle moes doen!

**A:** Nouja, toe sit ons nou vas en toe sien ons, maar hoor hier, daar's 'n boot op pad. Maar ek kyk hom so ... Onthou dis ... Daar's nie FM en televisie en goeters nie. Dis die ou ... Hulle het Morse-kode. Maar ons staan verkeerd vir die lugdraadrigting. En stuur net SOS seine uit, maar geen reaksie nie. Toe kom daai bootjie, die General San Martini– dis 'n Argentynse oorlogskip- ... vir die Weermag. En hulle het net so om ons gevaar. En kyk, dis mos 5500 ton; ons is maar 480 of so ... Ons is 'n groot see vir sy reddingsbootjies. En toe sy om ons 'n paar keer, en toe kon ons beweeg. Maar hulle het gedink ons is op pad terug, toe sê hulle maar die water is oop; toe sê ons nee, maar ons wil soontoe. Toe sê hulle "Ooh ..." Nouja, toe gaan ons nou deur, toe kom daar 'n stuk kalm water tussen die ys en die ysbank. Onthou, dus 'n vasteland met omtrent 'n kilometer yslaag bo-op en wat tot in die see ingaan – dis jou ysbank, omtrent so 20 km wyd en wie weet hoe diep. Maar die ysbank beweeg op en neer met die getye ... en dan die vasteland se ys. Met ander woorde, dis waar jou krake en skeure vandaan kom. En dis werklik lewensgevaarlik, hoor. Maar daar gebeur by tye dat van die ysbanke afbreek en dan plons daai ding in die water in en dan kry jy so 'n mini-tsunami ...

**V:** Ek het gehoor daarvan ...

**A:** Jy kan nie glo dat water skade kan doen aan 'n reëling, dat hy daai ysterpype so verfrommel nie.

**V:** Geweldige krag ...

**A:** Van die binne, onderin, van die ribbes, was gebuig; die roere was gebuig gewees. Man, wat 'n gemors van 'n gemors. Ja. Nou moet ons aflaai. Intussen, die skip ... Ek dink ons het 38 dae soontoe gery; 11 dae terug. Kan jy jou nou indink hoe lank ons gesukkel het, né? Maar die ou het toe ... Hy druk sy neus in die ding vas ... Hy vat hom so net langs die kant – jy hou net jou neus teen die ys – afgeklim, en toe kyk ons nou rond waar die dokwerkers is. Toe's daar nie dokwerkers nie, want hulle sê dat óns moet aflaai. Ek sê "Óns? Maar julle is die ... " Nee, hulle kontrak sê net hulle haal hom uit die ruim uit en sit hom daar neer. Sien? En die Noorweërs, hulle het hulle eie probleme. Hulle het die ou van die basis – kyk, ons neem toe die Noorweegse basis oor – en dié basis was in 'n vervalle toestand, want dis nou die laaste keer wat ...

**V:** Hulle het dit nou nie regtig noodwendig omgegee nie ...

**A:** Wel, hy was omtrent ... Kyk, hy sak mos af ...

**V:** In die sneeu ...

**A:** En nou laai ons die voorrade af. Nou ‘n wetenskaplike ... ekskuus dat ek dit sê, maar hy kan nie eens ‘n knoop in ‘n tou sit nie; jy moet alles vir hulle dink. En nou die een krat, toe sê ek: “Vat! Vat! Vat!” Toe neem ek sommer so oor, want niemand ...

**V:** Niemand ... Want wat weet hulle?!

**A:** Nee, hulle sit hier by jou en hy vat nie. En ek sê “Vat!” klink seker baie negatief. Hy sê ... hy gaan nie vat nie. Ek sê hoekom nie?; hy sê, man my vingers, ek speel klavier en as die ding op my vingers val, dan ... Ek sê de moer met dit; vat die donnerse ding ... En ek swets. Kyk, ek is ‘n werktuigkundige, so ek ... en ‘n Hollander ook nog, so ek kan lekker swets. En die ou skrik toe en hy vat toe onder. En ons laai af en ons laai af, en ek bly daar. Die ander ouens is toe basis toe, maar ek is die hele tyd by die skip gebly om toesig te hou oor die aflaaiproses en so aan. Maar voor ons gery het, toe kry ons ‘n sein, ons moet ‘n Oliver-kruiptrekker kry. Nou ek ken Oliver-trekkers en ek sê nee, dis ‘n fout. Daai Olivers is nie goeie trekkers nie. Toe sê hulle wel, dis wat die sein sê. En die Sekretaris van die Departement sê jy doen soos die sein sê. Toe word die kruiptrekker by die staatsgarage in Kaapstad. aanmekaar gesit; Suikerbossie is sy naam. ‘n Kap opgekry en so aan. Maar ek is nie beïndruk met die ding nie. Ek ken hom, jy weet. Dis net sowel jy werk nou aan ‘n Hillman die ou gemorsgoed, jy weet. Maar nouja ...

**V:** Watter trekker sou u sê is die beste een dan?

**A:** Hoesê?

**V:** Watter een sou goed gewerk het?

**A:** Wel, die Bombardeer ... die Snowcats en daai soort van goed – wat hulle ook nou gebruik. Nou’s die ding in die ruim en die Noorweër kom en hy kyk so af, en hy sê: “Oliver?” en ek sê ja, en hy so “Phew ...” Hulle het gesê ons moenie – kyk, in hulle Noorweegs en Engels, en ons verstaan die Engels en hulle verstaan nie Engels nie ... Toe’s die kommunikasie so ... Hulle sê ons moet dit kry en ons ... Hulle het gesê: Kry net nie ‘n Oliver nie, jy weet. Nou sit ek met dié apparaat en trek dit in met die slee, en ons laai. En toe kom die Noorweërs terug om op die skip te gaan en weg te gaan. En ‘n paar van ons sê totsiens, maar ek was nog by die basis gewees nie, want ek was nog altyd met voorrade aflaai besig, en van die ysbank weg te skuif na ‘n veilige plek toe, het hulle ‘n depot gemaak. Nou kom haal hulle daar en vat basis toe – die oliedromme en goed. Jong, toe kom die een ou aan in ‘n sturdy *jacket* ... Sy oë staan ... sy hare staan so ... hy lyk stapelgek, man. Ek sê wat’s verkeerd? Hy sê, nee, jy gaan sý werk doen ... Ek? Alkoholis ... Ek vertel die dinge, want ons praat nie nou ... niemand weet eintlik van die goed nie; ons het almal doodstil gebly. En ...

**V:** Waar het hy genoeg alkohol gekry?

**A:** Hulle het mos saamgebring.

**V:** Ja ... Genoeg dat hy die jaar kon volhou?

**A:** Nee, wat gebeur het, hy was nie. Want toe ... Hulle het hulle drank verdeel en toe't hy die ander ouens s'n gesteel en toe stop hulle dit, maar toe't hy begin om brandspiritus, die bloutrein, te drink – jy ken seker dit?

**V:** Ja, daar van die Kaap.

**A:** Nouja, en dit is toe die resultaat. Want hy't heeltemal berserk geword en kon nie meer drank kry nie, en onttrekkingsimptome ... Toe met die terggaanslag, toe het hy ... ek weet nie wat gedoen nie. Nou, ek het voor ek weg is vir die eerste keer met 'n radio ... Ek is *mike shy*; ek is 'n werktuigkundige, man. Nou moet ek in 'n hele kantoor voor 'n mikrofoon gaan sit en met die ouens praat. Nou't ek vir my 'n lys opgetrek en dan sê ek ... En Martin sit; hy's 'n radioman, en hy sê "Praat" en hy praat, en hy sê nee, dis Chris de Weerdt, speaking. Toe sê ek "Uh ... uh ... uh ... ", jy weet. Hy sê: "Praat!" Nou sê ek : "Good morning", jy weet. Hy sê: "Moenie 'uh, uh, uh' sê nie, want as ... ". Hy sê: "Dan sê jy 'over'." Ek sê: "O. Over!" Nou voor ek anderkant gaan, want die ou praat daar ... En Martin praat; hy sê hy het 'n lys van goed wat hy soek, want almal wil weet. Want hulle't my gesê ... wil kyk wat in my werkswinkel is. Nou sê ek: "Do you have a *lathe* – l-a-t-h-e, *lathe*?" Hy sê: "Over!"; "Over!", jy weet. Maar ek bewe van ... En die ou "ja, ja", hy het dit. "Well, have you got a milling machine? Have you got this ... "; jy weet, die hele lys. Joe, maar die ouens is goed toegerus, maar dit moet wees op so 'n plek; jy kan nie anders nie, jy weet. Jy's weg van alles af. So, ek het maar 'n stukkie 'n geelkoper saam ... gaan koop, saamgevat, sommer vir my eie draaiwerk; daai geelkoper, daai ronde, dis die staaf – so 'n dik staaf ... só lank gewees. Man, en ... Nou gaan ek basis toe vir die eerste keer. Nou's die Noorweërs weg, bye-bye. En ek vat toe ôk die trekker, die Muskeg-trekker, en Suikerbossie en daai trekker en ons sleep die goed basis toe ... halfpadmerk. En hier kom ons by die basis aan, maar ek's heel onnosel, want ek weet nie – ek weet niks van Aardrykskunde af nie, jy weet; ek het maar net standerd 8; ek's 'n *mechanic*, jy sien... "Nou maar waar's die basis nou?" Nee, jy sien net pale daar. "Nee, maar dis hier onder." "Wat?" Nou toe leer ek nou hoe jy 'n basis aanmekaar sit. Dis alles ... is standaard houtkassies, grote houtkassies; elke ding. Jy pak die kassies in 'n ry, bou hom op en dan sit jy balke bo-oor en dan span jy 'n seil oor. En met die eerste sneeustorm, dan's hy toe. Dan het jy vir jou 'n gang. En dan breek die kaste na die kante oop, dan het jy jou voorrade ... So't jy dan kan jy sien die plan van die basis. ... Daar's hy. Sien, daar sit die *ice corridor*. Dis alles kassies, alles kassies. Die hele ding is van kassies gemaak. Maar hierdie was die *engine room* ... waar's hy? Dis hy, nommer 5. Is dit nommer 5 daai? Ja.

**V:** Ja.

**A:** Dis ‘n bietjie verkeerd. Dis nie heeltemal reg nie, want dit was die ystonnel wat ek gemaak het. Maar hier gaan jy dan uit ... Of nee, hierso is die ystonnel ... En daar gaan jy dan uit, buitekant toe. Maar so is die hele basis ... het jy balke oorgesit , die slaapvertrekke. Hulle het later ‘n plafonnetjie ingesit, of bo-op hom gesit, sodat die sneeu darem nou nie dít doen ... die seil insuig nie. Toe ... die honde is daar. Hannes is in beheer van die honde, en ek is sy ondersgeskikte daar. Ek moes help met die radio sonde goeters en die voorbereiding van die waterstof en ... Ek het geweldig baie geleer. Maar toe moet ek nou eers na my enjins gaan kyk en na my werksplek. Ek is daarby af – as ek dit reg het, seker so 20 voet of dieper ...

**V:** Was dit met ‘n leer dat jy moet afklim?

**A:** Met ‘n staalleer af, ja ... afgeklim. Kyk, en die reuk daarso ... ‘n vreemde reuk ...

**V:** Hoe’t julle afgeklim met ‘n staalleer? Het die staal nie gevries nie?

**A:** Handskoene. Jy’t handskoene aan. En dan’s jy in die ... En ek kyk toe na die enjinkamer en ek sien die twee Bolanders soos in 20 KVA.  Ek kyk nou waar’s my gereedskap en waar’s my onderdele. En hulle weet nie ... “Maar waar is die goed?” Toe sê hulle, nee, maar hulle het van hulle goed saamgevat. Ek meen, dis mos nou hulle ... Jô, my sweissilinders pas nie; daar’s niks. Ek het ‘n boor daar gekry met halfduimboor, ‘n klompie vyle en ‘n paar *spannertjies*. En wat nou? Jong, ek sal jou sê, daai jaar het ek nie gebars nie; ek het gebárs. Hoe gaan ek hierdie ouens vir ‘n jaar aan die gang hou en ek het nie gereedskap nie? Ek het nie ‘n draaibank nie ... Ek het ‘n ou skuurmasjientjie gehad, ‘n paar vyle en ‘n boormasjientjie.

**V:** Ongelooflik.

**A:** Jô, jô, jô. Nou’t ek net hierdie koperstaaf wat ek darem kan gebruik ... en ‘n saag; daar was so ‘n paar los goedjies gewees – alles handgereedskappies. En ‘n elektriese handboortjie, ook maar ‘n Bosch, soos jy maar hier by die hardewarewinkel ... Toe’s dit  Ek weet nie wat nou nie ... Laat hulle omdraai; ek soek daai goed. Maar hulle’s toe weg. Toe besluit ek, wel, ek’s nou in die ding in, ek moet daar deur. Nou met my veldwerk by die koöperasie, was ek gewoond om in die Sandveld te werk ... Jy leer naderhand; jy fabriseer maar goed en maak goeters. Nou jou klere ... het jy ‘n *long john* onderbroek en ‘n militêre broek, en oor die trek jy dan ‘n windbreker-broek aan; jy’t ‘n visnet-onderhemp – ken jy dié ding?

**V:** Nee.

**A:** Kyk, hy is ‘n luglagie, wat ‘n slegte geleier is. Sonder hierdie ding, gaan jy dood op die Suidpool, hoor. En dan’t jy ‘n dik onderhemp, dan’t het jy ‘n houtkappershemp en dan het jy ‘n trui – ‘n rolnektrui – en dan het jy ‘n anorak, ‘n wintersanorak, en ‘n gewone somers een – die winter een is die een met die ...

**V:** Pels?

**A:** ... met die vel om, jy weet? Hy's nogal dik. En dan het jy handskoene, syhandskoene, 'n katoenhandskoen met 'n duim en dan 'n leerhandskoen met 'n duim. En die handskoene is aanmekaar vasgebind om jou nek. As die wind ... as jy jou handskoene verloor, is jy dood. So alles ... En dis Hannes se idees; die nie my slimstories nie. Maar dit het beteken dat my werk, as ek hier 'n halfuur vat of 'n uur vat om 'n ding te doen, dan vat ek 10 ure om dit daar te doen. Alles vertienvoudig ...

... die koue en die soort van goed, sien. Man, nou om die trekkers aan die gang te hou is 'n ander storie, om die voorrade te kry ... Ons het die voorrade gebring. As jy stop, dan vries die temperatuur van die olie, hy word later soos 'n ghries; jou battery – kyk jou swaelsuur en jou water skei en nou sit hy uit en dan bars die battery ... En jou diesel vries op – jy gebruik gewone parafien, lamp(olie) in jou motor, gebruik jy ... wel die heeltyd ... ek het parafien in pleks van diesel. Diesel het gebruik vir die kragopwekkers, maar buitekant, jy kan nie ... Daai diesel is so dik, hy wil nie deur die filter pomp eers nie ...

**V:** So jy gebruik parafien?

**A:** Dis soos Vaseline ... soos petroleumjelle. So al sulke aanpassings wat jy moet maak. Nouja, wat jy doen as jy nou stop, tap die olie uit, sit dit prop terug. Jy't 'n klein sleetjie, 'n handsleetjie, batterye uit en dan hol jy na die basis, laat sak jy dit met 'n tou af, en in die enjinkamer, laai ek die batterye en ek hang die oliekan langs die uitlate van die kragopwekkers ...

**V:** Sodat hulle warm is?

**A:** Hully bly warm. Die battery gaan 'n bietjie ... aan die gang kry, dan gaan ek eers met 'n blaasvlam uit, hier buite het ons so 'n groot loodgietersblaasvlam – nie hierdie kleintjies nie. As jy buite kom met daai vlam, dan waai die wind hom net so dood. Nou't ek 'n houtkassie gevat – leeg – nou sit ek hom binne-in ... nou hou ek hom altyd teen die wind, dan bly hy brand. Ek loop nou eers met dié kassie en dan gaan maak ek die enjin warm. En ek kan voel-voel en as dit nader ... as dit redelik is ... dan sit een ou by die basis en dan loer hy vir my oor en dan waai ek vir hom. En dan trek hulle die olie op die batterye op die glysleetjie en dan hol hy dat hy bars. Hy sit die battery in, ek gooi die olie in; en as dit klaar is, stoot hom aan die gang. En as hy nie wil vat nie, hoor hier, dan moet jy weer spring; alles weer oordoen. In die middel van die winter het jy die enjins bly laat loop; as hy af is, kry jy hom net nie weer aan die gang nie.

**V:** So het julle net baie, baie parafien saamgevat?

**A:** Ja, en diesel en so aan. En dieselfde dromme, in die winter het ek daai ... met die ander ... voorlaaier, 'n tonnel gegrawe en die wande met dieseldromme opgebou,

pale oor, seile oor, en daar't jy 'n tonnel. In die winter het jy die honde binnegebring en tussen die dieseldromme het ek spasies gelos waar die huskies dan kon bly ... vasgemaak en hulle daar kos gegee. Dit is nou baie baie stories ...

**V:** Was daar enige spesiale huskies wat 'n beter persoonlikheid gehad het?

**A:** O, elkeen het sy eie persoonlikheid gehad. Jy leer daar diere ken ken wat jy nie glo nie. Dis soos by perde. Ek het so 'n aanklank met perde, jy weet ... Jy praat met nie, maar jy weet, hy praat en jy praat terug, kommunikeer terug met hom, jy sien. Huskies was ongelooflike honde. Hulle kom van ... ag, man die Eskimo's ...

**V:** Alaska?

**A:** ... van Alaska af. En sommer so 'n deurmekaarspul gewees, maar hulle was in spanne gewees. Sogaard Heller, die leier, het vir Hannes gesê watter honde loop waar, so Hannes het daar die voortou geneem. Dan bring hy vir jou honde uit, of ek gaan haal hulle. Hulle't so 2 kg robbevleis elke tweede dag gekry. En die robbe het ons geskiet op pad af.

**V:** Genoeg robbe vir die tyd daar?

**A:** Ja, (ons) het genoeg vleis gehad vir die tyd daar. Toe ... Ek het oor die klere gepraat ... Wat moet ek jou vertel?

**V:** Was jy ooit self op 'n sleerit gewees?

**A:** Ek? Ja. Ja, ek was baie uit, want ek was mos die werktuigkundige. Ons het die bak uit ... toilet ... toe't ons saam San Martini ... aflaai ... feit dat ek nie gereedskap het nie ... Die ouens het nooit besef ek moet ook slaap nie. Die enigste werktuigkundige in die hele eskpedisie-geskiedenis wat alleen was. Al die ander het maats; jy weet, jy los af. Ek het 18 ure gewerk, 6 ure af; 18 aan, 6 af. Jy's doodmoeg; jy werk jouself half-versimpeld, want dis nie net jóú werk nie. Hier kom 'n ou aan, sê "hoor hier, hoe maak 'n mens 'n knoop in die tou?" jy weet, en "kom help gou hier" en "kom help gou daar" ... Al die los werkies. Ek het byvoorbeeld ... Ons het nie 'n badkamer gehad nie, toe het ek 'n badkamer gebou. Ek het 'n drom gevat, middel twee gesny, elemente ingesit, dan gooi jy sneeu in, dan maak jy water, dan kan jy so elke tweede dag so bietjie warm water kry om in te bad.

**V:** So die Noorweërs het net nooit gebad nie?

**A:** Hulle het nooit gebad nie.

**V:** Werklik?! Nou het hulle darem waardering gehad vir hierdie badkamer?

**A:** My manne? O ja, ja. Kyk, ek was die vuilste ou met my ghries-hande en goed ... En dan het ons 'n wasmasjien gehad, wat jy dieselfde water gebruik in die wasmasjien om klere in te was. Dan vat jy ... Ek onthou, ou Dick Bonnema, hy kom van Vriesland

af, en dan gaan sit hy op die ... Hulle het ‘n wasgoedlyn buite gespan en die klere hang daar op *in die flinke bolle bries* ... En toe jy die goed gaan afhaal, dis stokstyf; dit breek! Toe’t ek ‘n droogkamertjie gebou, ontwerp. As jy nou in die winkels kyk, kan jy sien daai ballon-ding wat jou klere kan droogmaak ... Ek het daai konsep ... kom van my af.

**V:** Werklik?

**A:** Ek het onder in die enjinkamer ‘n gat gemaak en toe’t ek ‘n hokkie gebou en die warm lug onder opgepomp dat die ouens hulle klere daarin sit, en as jy weer sien, is hy droog. So, die ding het ... Al sulke goed het ek nou gemaak. ... Ons praat toe van die ritte uit ... Die senior manne was Hannes en Vic, Martin en ek, en André, die dokter.

**V:** Hoe oud was u gewees?

**A:** Ek was 26 jaar. André was in die 40. ... Maar André was nie saamgewees nie; dit was net die 4 van ons ... Dit was Hannes, Martin, Vic en ek. Ons besluit toe ons gaan vir ‘n *joyride* – dis Oktober en die lekker oop en ... bietjie met die honde uit ... As jy ry, dan sit jy ‘n vlaggie elke kilometer in, want jy’t so ‘n wiel agter op jou slee; dan kyk jy en dan roep jy, dan stop ons, dan sit ons die paaltjie in, dan kry jy hom in lyn met die voriges. Maar jy gaan nie net en niks doen nie – jy moet altyd werk. Toe’s ons so 20 km ver, en toe stop ons. En toe grawe ons nou toe ‘n gat en die ander doen ‘n *ramp sounding* om die digtheid van die sneeu te bepaal met so staaf met ‘n gewiggie wat jy voor jou hou en dan die drukmeters en goed word daar in ... word gekyk, en word ingeskryf – Hannes kontroleer – en ek moes toe die lugdruk – die barometer; die barometriese druk en die vog en dit, soos jy in ‘n skerm kyk, om in te skryf ... Dis die eerste keer wat Hannes by uitgetrap het ...

**V:** Waaroor?

**A:** Hy sê “Hoor hier”, want hy’t nou gesê: “Ek kan nie verstaan dat jy só (on)verantwoordelik kan wees nie!” Ek sê: “Soos wat?” Hy sê: “Kyk hoe jy geskryf het, man,” hy sê “Jy’t jou lesings totaal verkeerd gewees.” Ek sê: “Hannes, ekskuus, maar ek’t geskryf wat ek gesien het.” Hy sê “Maar dit kan nie wees nie”, jy weet. “Kom ek wys jou.” “Maar o, wag ‘n bietjie ...?” En hy kyk en daar kom die sneeustorm ... Die lugdruk het geval. Toe’s hy: “Oppak, manne; vlieg terug!” En ons hol dat ons bars. En ons vind die eerste, ergste deel agter, dat die wieletjie ... hy kyk na die kilometer, dat ons die vlaggies kan kry. En ou Vic sit net voor my en Martin sit voor ... en Hannes voor. Sjoe, kry die eerste vlaggie, maar, in ‘n witsig, as jy jou hand so uitsteek, dan sien jy nie jou hand nie; in erge witsig. En jyt’ natuurlik zastrugi – ken jy dié? Dis soos sinkplaatpad. Dis glad nie so gladde, sagte rit as wat ...

**V:** Dis nie soos ‘n groot ysskaatsbaan nie!

**A:** Ja ... Toe kan ons nie die tweede een sien nie. Ek stop toe op ‘n kilometer; toe vat ons hande en ons *sweep* om ons rond, kyk of iemand ... kry nie die vlaggie nie. Hierdie kant: die afgrond en die see; dié kant: skeurgebied. Die ou wat buite is, is die baas, wat in beheer is. As jy ‘n taak buite moet doen, soos Martin as hy sy lugdraadpale opsit ... In die basis bespreek ons alles: jy doen dít, dan vat ek só, dan dra jy dit sóóntoe, dan sleep hierdie ou dit en daai twee ouens tel op ... En as jy buite kom, dan is daar geen geargumenteer nie; jy doen wat daai ou sê, anders vrek jy van die koue. So, die reël is, die ou wat in beheer is – jy stry nooit met hom nie. As jy sê “val plat”, dan val jy plat. En dan gaan die honde aan. En nou sit ek en ou Vic hier agter, en ek sê: “Vic, ek dink nie ons ry reg nie.” Hy sê hý dink ons ry te blêrrie naby aan die ysbank. Sjoe, maar nou kan ek nie vir Hannes sê nie, want jy praat nie ... jy gee nie raad ... niks nie. Nou daai dag het ons gedink, kyk, dis nou die einde. Ons moes 20 km ver ... Weet jy hoe ver is 20 km op ‘n hondeslee? En die hondjies draf en Hannes sit voor en hulle almal is tjoepstil. Net ek en ou Vic fluister so. Maar dis doodstil. Die wind het toe gaan lê, maar dis ‘n totale *whiteout* ... jy weet – witsig. Toe, elke kilometer, dan roep ek. Dan stop ons, dan hou ons hande, dan *sweep* ons. Niks. En toe kom ons ... Toe sê ek ons is min of meer in lyn van die basis. Maar almal kyk diékant toe, want ek glo ons het onbewus weg van die ysbank af na skeurgebied toe. En nou kyk ons almal, want ons moet só laat terug wees, en om die uur, met ‘n Very-pistool skiet hulle in die lug op. Dan sien jy nou die ... Wat is ... ?

**V:** Die *flare*.

**A:** ... Die kleur, jy weet. So ‘n vuurpyl-affêre. En nou staan ons almal so en kyk. En ek kyk rond en ek sê ... Nou staan ek ... soos jy nou staan ... die manne is hier, en ek staan hier, en ek sê: “Hoor hier kêrels, nou enige oomblik moet daai Very-pistool ... “ En dan sien ek hom agter ons opgaan. Toe’s ons by die huis, by die basis. Die honde het ons teruggebring.

**V:** So hulle het geweet waar die basis is ...

**A:** Hulle het geweet. Onnosel, hulle wil net basis toe. Want ons het later hulle net gelos, dat ...

**V:** So die honde was regtig intelligent?

**A:** Ja. En hulle het elkeen sy eie karakter en ... Maar as hulle bymekaar ... Dis ‘n geveg tot die dood toe. Hulle het geen genade vir mekaar nie. Dis ‘n geweldige lawaai en ‘n geknor. Jy kry hulle nie uitmekaar uit nie.Maar ek het al my hand tussenin, as hulle so baklei, en ek voel ... En dan los hy dadelik; hulle voel my hand.

**V:** Hulle voel die mensehand?

**A:** Hulle was lief ... Vir my was hulle baie ... Ek was baie lief vir hulle; Hannes ook. Ons het goed oor die weggekom.

**V:** Het julle die honde agtergelos?

**A:** Ja, vir die tweede ekspedisie. Maar later het hulle die ding gelos ... Net trekkers ... Om honde te versorg, is ‘n hele taak op sy eie. Jy weet, ek het diere geken en Hannes het diere geken, maar vir die ander ouens ... Dis sommer net ‘n hond; “hallo hondjie”. En dan maak hulle so en dan staan hy op met sy pote en dis die laaste ding ... want hy krap jou klere stukkend. ‘n Huskie mag nooit opspring teen jou nie. En die ouens het die toegelaat, en dan sê ek: “Hoor hier ouens, julle soek nou moeilikheid.” Theo se instrumente was weg gewees; Theo kon nie dit nooit kry nie. Hy moes stralingmeting doen, die soort van ding. Maar toe sê ek vir hom “Hoor hier, wat is so ding?” Hy sê: “Hy meet strale.” Ek sê: “Maar nou wat ... hoe?” Toe sê hy man, dis ‘n klos met wit en swart geverf, dieselfde klos. En dan die verskil in strale – een absorbeer strale en die ander gee die hitte, en daai verskil gee virjou ‘n lesing. En nou sit ek en krap ek soos ek nou hier op die boek krap en sê ek “só?” en dan sê hy, skets hy “só”. Toe kry ek ‘n ou skoenpolitoerblikkie en ek bou so ‘n dingetjie van draad af en ek sê “Theo, is dit so ding wat jy soek?” Ons gaan toe buite en toe werk die ding, en hy sê maar die ding is nie gekalibreer nie, so hy beteken niks nie. Toe sê ek jy skryf neer wat jy kry en jy vat dit terug WNNR toe, dan kan hulle die ding mos nou daar toets en weer herstel, jy weet, jy’t darem iets; jy sit nie met jou tone en speel nie. Nou gaan ons ... in die weer ... Ek het nou hierdie stuk geelkoper van my ... En in die winter is dit nogal donker, dis nogal koelerig buite, en dan’s dit nou so ‘n trekkie van so 180 km per uur wat daar buite is; koelerig – dis so -50$^{O}$C, jy weet. So nou bly ons in die donker binne. Dan’s die balk ... *exercises, exercises, we must do our exercises* – dan ruil ons die stuk staaf af oor, maar dan’t ek nou al aan die kante stukkies afgesaag wat ek nou gebruik het om goedjies te maak, jy sien, en hy lyk soos die maanoppervlakte. En toe sê een nou maar ek wonder wat die ding weeg ... En Door sê nee maar hy weet en ek sê hoe bereken jy dit. En hy sê kom, laat die Oom jou bietjie leer, kom. En hy het toe die maatband, en nou meet hy en nou maak hy ‘n sirkeltjie om daai onewige oppervlakte en hy sê nee kyk, dis só, en daar’t jy dít en daar’t jy dat, en hierdie só, en dis soveel kubieke sentimeter en die sirkelrige gewig van ‘n kubieke sentimeter geelkoper is hoeveel? En ek sê huh? En hy sê kom, en hy vat die ding na sy kantoor toe en nou gaan sit hy en nou werk hy. Nou maak hy somme, maar ons het die *log book* en jou ou skuifliniaal Hy’t nie al sy goed by nie ... so ding, nou bereken jy nou die ... ding, jy sien. Jy kan nou maal en deel en somme doen en so met hom. Nou sit hy met sy skuifliniaal ...

**V:** Met *calculators* gedoen ...

**A:** Ja, daar’s nie ... Daar’s niks. Hy’t dit en die *log book*. Man, en ... Nou kom ek en ek tik hom op sy skouer, en ek sê Theo, hy weeg 22 pond en 3 onse – kyk dit was nog voor die metrieke stelsel – en hy sê wag nou, man ... Sit hy en werk hy uit, werk hy uit ...

En hy sê nou hoe't jy dit geweet? Ek sê Theo, man, ek het 'n ... wat noem jy die ... formule ... 'n ander formule; ek sal nou weer aan die naam kom ... Hy sê nee, man, ek weet jy weet dit nie. Maar hoe jy dit weet ... Ek sê man, ek sal jou vertel, maar dan moet jy vir niemand anders vertel nie. Hy sê oraait, maar wat het jy gedoen? Ek sê ou Theo, ek het hom gevat en op daai skaal wat buite jou kantoor staan, op die skaal gesit en hom geweeg ... ! Ek sê dit vinnig want – die wetenskaplike is nie hier nie; hy is in 'n ander vlak ... Ek ... met my hande werk; ek moet dinge regmaak ...

**V:** Dis so prakties; dat jy dadelik aan die opsomming dink.

**A:** Dis 'n skaal, dis wat ... Sulke soort van stories. Maar nou moet ek kookwerk doen, jô.

**V:** Ja, hoe het die kook gewerk? Kon die manne darem kook toe hulle ... Het julle kookklasse gehad?

**A:** Nee, man! Onthou, ons het in 3 maande reggekry wat die Crown ouens in Engeland gesê het moet 2 jaar vat. Jy weet, Hannes was 'n uitsonderlike ou. Dis hoekom ek altyd voel, selfs vandag, as jy in Engeland ... jy kan maar vir Vivian Fuchs vra, maar almal ken nie vir ...

**V:** Almal weet wie hy is.

**A:** Maar ons volk weet nie wie Hannes le Grange is nie. Dis 'n geweldige jammerte, want hy was 'n ongelooflike ou ... Nou moet jy kook. Want is nou weg ... Salomé is die pragtigste kok en sy bederf mens van 'n kant af; ek brand die water ook nog. Maar nou't ons ook die toilette ... En daai dromme moet uitgehaal word; ons gebruikte dromme ...

**V:** Sloop emmers?

**A:** ... En die ouens wil nie daaraan vat nie. Nou ruil ek met ou Marin en Nick uit en sê, hoor hier, doen my kookwerk, dan gooi ek die dromme uit. Want hulle hou nie daarvan om met daai goed ... En ek gaan en ek trek die goed uit die ander skag uit, die noodskag, en toe kom Hannes dit agter en hy sê: "Kook. En julle: toiletdromme." Geen konkelary hierso nie, jy weet. Nou moet ek kook, en sê vir jou, handskoonmakers ... my hande is vuil en ghries en voete, jy weet ... Ons het nie seep en die goed gehad wat jy vandag het nie; jy't maar 'n lap en jy vryf maar so bietjie in die wasbak, maar dit bly pikswart. Maar nou moet ek kosmaak en ek weet nie van kosmaak nie. Nou wil ek nie met my hande aan die goed vat nie, nou gebruik ek maar die tang en ... Die ouens het my baie geterg daaroor. Maar nou't ek 'n kookboek – wat Salomé saamgestuur het – nou probeer ek ... Nou sê hulle ... en *shortening* ... Nou weet ek nie wat *shortening* is nie – blykbaar is dit enige vetterigheid, maar ek weet dit nie. Toe maak ek ... maak om mieliepap te ... Maak die pap en toe raak ek slim; dan sit ek ... want die goed is klontering ... nou sit ek die meel die vorige aand in en dan gooi ek die water op en dit laat ek dit die nag

deurklam word soos jy pap maak; dis lekker, jong. En toe't ek begin om bietjie gedroogde perskes in te sny en in te werk, maar ek gee toe maar net pap ... pap, pap, pap.

**V:** Pap gemaak!

**A:** En ou André sê toe nee man weet jy, maak nou iets anderste. En ek sê ek kan net dit maak, jy sien. Toe kom hy nou met 'n sein. Hy sê hy't 'n sein gekry, ons mag nie koolhidrate kry nie; ons moet nou ons diëet verander, en dit en dit. En dit sluit nou pap uit. En ek weet hy lieg. Nou moet ek beginne groente maak, en Martin en Nick help my en hulle sê maak só en só. En nou gooi ek die water, dan gooi ek die goed in en dan bedien ek dit en dan sê Hannes, jong, jou kos is so waterig. O. Dan vat ek ding maar en dan skud ek dit voor, dan skud ek die water uit ... het nie besef dat die goed is smakeloos nie! Later het ek *cottage pie* gemaak ... Ag man, dit was 'n tragedie gewees. Maar het die ouens ... die eierpoeier – ons het baie gedroogde kos van die WNNR gekry wat as proefnemings gebruik is; dit smaak nie lekker nie. ... Die geel eierpoeier wat jy nou aanmaak, maar jy kry ook vars eiers wat in die store is, kry jy ook 'n bietjie, om koek te bak of so; ek weet nie wat nie. Nou vat ek die eiers en dan bak hulle. En dan hou ek die doppe en dan vrommel ek dit op en dan gooi ek dit in die eierpoeier in, jy sien. Nou eet die ouens dit; nou hoor jy hoe mompel hulle. Hulle sê ja, dis die eerste keer dat ons ordentlike eiers kry, die blêrrie *fool*! En nie eens die doppe uitgehaal nie! jy weet, en al sulke goed. Toe sê ek nee, hulle is besig om ... Daar leer jy ook ouens ken. Met midwinter het Hannes vir ons almal ... Kyk, ek het toe begin rook; ek het nie gerook of gedrink nie, maar nou net om een van die *boys* te wees, het ek begin pyp rook. Nou kry jy of Diemers nr. 7 of Boxer's tabak ... En met Midwintersfees kom Hannes met 'n blikkie Three Nuns-tabak uit en hy sê manne, maak julle pype skoon, skoon, skoon; ek het net hierdie blikkie, wat ons nou onder mekaar moet deel. Jong, en ons krap en blaas en vee af en maak die pype skoon, en hy gee. Maar hy sê net 'n bietjie elk, dat ons al tien ... En ons rook die wonderlike Three Nuns-tabak en ek besluit ek gaan Three Nuns-tabak kry as ek terugkom. En toe ek terugkom, sê ek vir Salomé koop vir my Three Nuns-tabak en ek rook my pyp; ek hou van dié twak. Maar sy bring dit toe vir my en ek kyk, maar dis nie wat Hannes gehad het nie. En ek sê toe vir Hannes, hoor hier, maar hierdie Three Nuns van jou was ... Hy sê man, ek het Demers nr 7 in die blikkie gesit ... 'n ou se verbeelding ... !

**V:** Wie het die lekkerste kos gemaak?

**A:** Ag, Theo van Wyk, baie goed ... Martin, goeie kok, en Nic Erasmus – daai drie ouens kon lekker kos maak; hulle het regtig goeie kos gehad. Maar alhoewel ek ... ek het eintlik nooit gesit of ... staan en eet – ek het die gewoonte gehad met my werk, jy weet. Ek is nie 'n ou vir stadig eet nie, maar nou sê Hannes, gaan sit by die tafel en jy eet daar, saam met die manne. En niemand mag lees nie. Daai tien ouens moet

bymekaar sit en almal moet eet sonder ... en kommunikeer – jy moenie sommer wegloop of so iets nie. Maar die humeur vlam bietjie op tussen die tien manne ...

**V:** Ja, ek wou vra ... Hoe ... wat het mens ... wat het konflik veroorsaak, of ... ?

**A:** Ek sal jou 'n ding vertel, maar dis nie vir publikasie nie.

**V:** Oukei.

**A:** Onthou, die manne is almal slim; hulle is almal geleerde ouens.

**A:** ... later redelik goed met mekaar oor die weg gekom. Dis 'n ... Hulle het begin verstaan. Hannes is 'n vreeslike nederige ou, maar sy integriteit is onbesproke. En die ouens het dit later agtergekom, en toe begin hulle reageer op sy dinge, jy weet. So die humeure ... Ek gaan nou weer skinder ...

**V:** Dis reg ... !

**V:** As ek dit reg het, het André ook ... moes hy julle bloed trek en sulke tipe goed doen?

**A:** Ja, en die basale metabolisme doen en die soort van stories.

**V:** En dit was seker nie altyd aangenaam nie.

**A:** Nee, dit was nie. My tand moes gestop word en ons het so 'n Weermag-boormasjientjie – sommer 'n spyker gehang teen die dak, met so 'n draadjie en die boortjie aan – en ek gaan sit. Maar hoor hier, ek spring in die lug in. Toe kom ons agter daar's nie 'n aarde nie – kyk, ys is mos ... daar's niks.

**V:** Daar's net water wat

**A:** So die generator staan in my kamer, en die spreekkamer is dáár. Toe't ons 'n sloot gekap in die ys en ou olielappe en goed ingegooi en die draad so aanmekaar gesit dat ons ten minste 'n aarde-draad het om 'n aardverbinding te kry, want toe hy die ding aansit, toe word ék die aarde, sien.

**V:** Eina!

**A:** Ja, dis sulke soort van goeters ... baie moeilik as jy die basale metabolisme-toets moet ... jou beurt is, dan gaan slaap jy daar in die hospitaaltjie. En as jy wakker word, dan mag jy nie wakker word nie; jy skuifel net oor op daai koue ding. En weet, die temperatuur sê die basale metabolisme is net so 'n houtkas waar die hele gemors nou ... Maar wat André toe doen met my – want ek het toe toegestem tot enige fisiologiese toetse wat hulle ook al wil hê ... Nou weet ek nie of hy opdrag gekry het om dit te doen nie, en of hy maar self besluit het nie, maar hy toets toe my bibberpunt. Nou lê jy daar, net in jou onderbroekie – dit is nogal koelerig. Kamertemperatuur, vloer, 0, en daktemperatuur +2 grade – ons het almal so hoog as moontlik geslaap. Nou lê jy op dié oliekleed-bedjie en dan haak hy al sy goeters aan en dan maak hy die ... Maar hy't 'n anorak aan met sy dik handskoene; hy maak die

venster oop en hy grawe die sneeu uit en hy pak dit toe langs my. Nou meet hy nou die temperatuur, sien. En nou weet ek wat hy gaan doen, maar ek voel, uhm, dit word blêrrie koud. En dit word nog kouer en nog kouer en nog kouer, en toe begin ek ‘n bietjie bibber kry. Maar dis nie jou werklike bibberpunt nie; bibberpunt is werklik as jy soort van konvulsies kry, jy sien. Toe sê ek ja, oraait, nou’s ek daar, maar sommer vir myself; nou gaan dit warmer word. En na so ‘n rukkie, toe word alles so mooi pienk-oranje kleur voor my as ek my oë so bietjie oopmaak, en ek’s so vaak en ek gaan so lekker slaap. Ek onthou ek het my hande so uitgestrek, jy weet, ek gaan nou ... En toe raak ek aan die slaap. Toe ek weer bykom, toe staan ou Nick, wat nou die *nurse* was, die assistent, en hy snotter en huil daarso. Ek sê: “Nou wat gaan aan met jou?” Toe’t hy my laer afgebring, onder die bibberpunt, André, en wat hulle toe reken dit is ... dit is die voordood-slaap.

**V:** Ja, jy moet mos net nie gaan slaap as jy hipotermies raak nie.

**A:** Nee, maar dis die wonderlikste manier om te sterf ... Watter plesier, man. Jinne. Jy vrek van die koue, maar daar word beweer, mos net voor jy *flatline*, jy weet ... So, dis die soort van dinge wat jy deurgemaak het. Ons sit aan tafel; ou Doorsie moes gaan opklim elke drie ure, sy observasies gaan doen. Stap uit, maar hy’s beneuk, en hy klap die deur toe en vererg homself. Ons gaan maar aan met eet. Hier kom die deur oop, kom Doorsie in en sê: “Jammer kêrels ek het die deur so hard toegeklap.” Hy’t geweet wat ons dink. Ons weet die ou, wat hy dink nou daar; jy ken mekaar so goed, dat jy weet sy oumagrootjie het ‘n ingroeitoonnael gehad, jy weet. Die filmpies – Saterdagaande het ons nou bietjie ontspan – ons het 18 films gekry. En ek was nou die operateur; ek is die *mechanic*. Jissie, ons het naderhand die goed agteruit gekyk en oor en oor gespeel.

**V:** Watse flieks was dit alles gewees?

**A:** Man, dit was ongelooflik. Ons het ‘n kleurfilm gehad ... Weet jy, hulle kan nou al films maak in die werklike kleur; dis nie meer wit en swart nie, en dit word nou, soos my skyfies, dis KodaChrome – dis die enigste kleur wat daar was, jy sien.

**A:** Ja. En dit was die ... ag man ... die vroumens ... nie Lisa; haar dogter, wat selfmoord gepleeg het. Sy’t ook ... Ek vergeet nou die naam, maar daar’s een ... Dis almal swart en wit film gewees. Ek sal nou ... “The Wizard of Oz” – ons het hom oor en oor gespeel. En ons het ‘n langspeelplaat van Mimi Coertze gehad wat ons gaar gespeel het. Maar die een swart en wit kortfilmpie – want ek nog net 19 films uitkies van die Departement, vir gewig en so aan. En toe ... En ek onthou dit baie goed, tot vandag toe, sien ek dit nog voor my. Dit was in 1928, ’29, met die val van die Aandelebeurs ... Depressiejare ... Nou staan ‘n ou op ‘n brug, en jou eendjies swem hieronder deur en hy’t ‘n aandpak aan met ‘n strikdas en nou staan hy so en kyk hy na die eendjies, en hier kom ‘n jongerige outjie, kom aan, sommer oopnekhempie, so alles ... ‘n

eenvoudige ou, en hy gaan staan en sê: “Hello, sir”, jy weet. En nou kyk hulle af en dié ou sê: “Lucky guys, those ducks. I wish I was one of those ducks.” En die ou sê: “But why, sir?” Toe sê hy jy weet nie wie ek is nie; ek is een van die rykste ouens in die wêreld; en hy sê al wat nou ek nou oor het in my lewe is ‘n 10-pond noot; dis my totale besittings. Hy sê ... Hy bly stil en die jongetjie sê: “Sir, strange thing ... “ Hy lewer kruideniersware af by die huis; hy sê een ou liewe ou tannie, wat hy al jare voor ... Dié sterf, en sy laat £10 vir hom agter. Hy sê dis myne, en ek gaan ‘n fiets koop en dan gaan ek vinniger aflewer. En ek gaan ‘n bakkie op die fiets kry en da,da-de-da da-de-de ... En die titel was “A question of Values” ...

**V:** Ja ...

**A:** Dit was die titel gewees. Snaaks dat ek dit onthou tot nou nog toe, jy weet. So, die ekspedisie in die geheel het vir my geweldig beteken. Ek kan nou nie op die wetenskaplike vlak vir jou dinge vertel nie; ek kan meer op die menslike vlak ... Ek het ...

**V:** Watter impak het dit gehad op u lewe?

**A:** ... ongelooflike selfrespek begin kry, en my eie waardes ... Onthou, ek was in daai jare ‘n Calvinis en jy is ‘n krummel en ‘n niks en ‘n dit ... En jy weet, my ouers was nie net gereformeerd nie; hulle was sommer dubbel-gereformeerd! En ons is so grootgemaak: dis net genade; jyself is sommer ‘n krummel. En ek het daar my heel ... My religie het heeltemal verander. Ek het begin ... Man, ek het die Bybel gehad; ek het ‘n Reader’s Digest gehad, en ‘n klompie religieuse goed oor Calvyn en oor Augustinus en Konstantyn, en ek het die goed bestudeer, en ek het baie, baie gedink, en ek het die Bybel konsepsueel begin lees. Ek het nie net woordeliks ... Ek is nie ‘n fundamentalis nie. Martin is ‘n absolute fundamentalis: hy glo letterlik elke woord as so. Maar ek is baie meer vrydenkend geword. Ek het my hele siening oor die religie totaal, totaal verander. Jy weet, ek lees twee skeppingsverhale in Genesis, nie net een nie, en ek sien dinge ... Die Maagdelike Geboorte ... Kyk ek, oom Abé, toe hy nou vir klein Sakkie teen die berg opdra en sy boet kry die vuurmaakhout en sê “maar waar’s die offer, Pa?” en hy sê: “God sal self die offer gee”, jy weet. En bo sê hy “klim tata, klim”. Maar Pa huil; hy sê “pa, maar ... wat? wat?” En dis wat die stem vir hom sê: “Hoe-hoe”. En wat is sy beloning? “Jou nageslag sal wees soos die sand van die see” en uit die nageslag sal die Messias kom, né? Onthou dit nou; dis Abraham wat so *nice* oom was. Nou begin jy by die Nuwe Testament, en tipies Joods, vertel hy eers die geslagsregister van die ... Nou begin jy by Abraham, tot jy by Dawid uitkom ... Nou, vir ‘n Maagdelike Geboorte, is daar nie ‘n pappa nie; daar’s net ‘n mamma. So vir Josef sê jy “gaan speel jy maar op die snelweg”, want hy het mos nou niks in die storie te doen nie. En dan moet dit mos die dogter van so ... die moeder van

Jesus ... Daar is nie; dis Josef se geslagsregister – die man van Maria. Hey! Hoe kry jy nou dié kloutjie by die oortjie? Dis sulke ...

**V:** Sulke goed wat 'n mens oplet.

**A:** Ek het die hele Bybel amper twee keer deurgelees met ... sonder invloed, in my enjinkamer; die masjiene draf en ek sit hier en ek blaai en ek lees, en wonder oor dinge en ek verstaan dinge ... byvoorbeeld dat ... Ek het die Heidelbergse Kategismus ook gehad; ek het die formuliere van Drie-eenheid saamgevat. My ma ... ons is baie christelike mense ... Toe lees ek die Heidelbergse Kategismus. Jô! Wanneer ek tot sterwe kom, keer my liggaam terug na die aarde en my siel keer terug na Christus toe. Eish! Wag 'n bietjie! Maar wat van my? Waar gaan ék na toe as my liggaam soontoe gaan en my siel soontoe, waar gaan ek dan nou wat gebeur by my? jy sien. Nou sien ek maar ek het nou-nou by die Geloofsbelydenis gesê, geëindig deur te sê, ek glo in 'n ewige lewe. Maar ek gaan nou dood, sê die Kategismus ... Nou hoe ... ? Dit klop nie. Toe kom ek tot die besef dat die ouens wat die Kategismus opgestel het, moes 'n fout gemaak het, want my liggaam is die aardse tentwoning; dis die tempel van God, so dan die siel, is dan iets anderste ... Ek ís my siel – ek hét nie 'n siel nie; ek ís dit. En nou sê ek vir die Kategismus, wanneer my liggaam tot sterwe kom, keer ek terug na Christus, klaar. Opgelos. En dit is vir my, tot vandag toe nog, 'n ... tempel van God – ek moet hom skoon hou; ek moet hom oppas, en om te sterf ... Die liggaam sterf; dis glad nie so erg nie. Maar ék lewe vir altyd. Jy sien, dis ... As jy daai ... Dis was my realisasie. En toe ek nou terugkom, het ek dadelik met die Kerk gebots. Op 'n stadium het ek vir hulle 'n baie mooi briefie geskryf en gesê hoor hier, baie dankie, maar ek gaan nou nie meer kerk toe nie; ek sê tot siens vir julle; dankie vir al die mooi jare en al die vriendelikheid wat ek ervaar het ... Ek het dit baie mooi geskryf; was glad nie kwaad vir hulle nie – hoekom sal ek nou kwaad wees? Hoor hier, toe ek uit die Kerk uit is, my besigheid het 60% geval. Mense het hulle rug op my gedraai. My eie broeder, ek sê hallo, Johan; ons is dan al maats vir jare – wat gaan aan met jou? "Ja ... Jy is nou nie meer een van óns nie ... " Ek sê: "Is dit wat naasteliefde bedoel?" Nee, dis nou ons kerkmense. Jong, nou begin jy ander insigte ... Maar nou praat ons oor ander onderwerpe ...

**V:** Maar hoe was dit om terug te keer na Suid-Afrika? Wat het verander? Wat het dieselfde gebly?

**A:** Alles het verander. Ek het ... Waar ek eers die onbeholpe sondenaar was, weet, wat staan en "nee, meneer; ja meneer" – want kyk, jou Calvinis sê jy's niks – het ek daar gevoel ek ís iets. En ek het waaragtig daai klomp ouens aan die lewe gehou. Ek het ... man, parte wat ek gemaak met die hand, kon ek self vandag nog nie glo ek dat ek dit kon ... As ek daai ding met 'n spyker, skerpgemaak, en daai lyne daar getrek ...

**V:** Uitgekerf ...

**A:** Kyk maar ...

**V:** Maar dis fyn werk dié ...

**A:** Ja, en ander kant ook. So ek kan; ek kan doen. Ek is nie so *bad* nie. Ek kan daai ouens hanteer. Ek weet hoe om vragte af te laai; ek weet hoe om 'n trekker aan die loop te hou; ek weet om 'n ding aan die loop te kry, al is daar niks goeters nie, jy weet. En my ... Ek sien my kollegas se swakhede raak; ook hul sterk punte – ek is nie ... Ek kraak niemand af nie. Maar ek het daar tot die besef gekom dat ek eintlik 'n baie *grand* ou is – ek was 'n priester, 'n koning, 'n profeet; ek's so ietsie weiniger as die engele om Sy troon ... Dis mos *grand*, man! Watter reg het daai donner om 'n vinger na my te wys en te sê "Jy is 'n sondaar"? Ek het daai heeltemal afgeskakel. Dit het soos 'n ton vrag van my afgeval. En toe ek terugkom ... op die boot het ons begin gewone *civies* weer aan te trek, en almal loop soos Amerikaanse saalperde wat ...

**V:** ... Ja, lig hulle pote hoog op!

**A:** Ja. En toe ons nou terugkom, toe is Pieter gebore terwyl ek weg is – hy was 'n jaar oud toe ek hom ontmoet vir die eerste keer ...

**V:** Het u darem al op die basis gehoor hy's gebore?

**V:** Wie het hierdie plakboek gehou?

**A:** Salomé. Waar's daai ene ... ?

**V:** Ek wonder hoe dit vir haar was om 'n jaar alleen te wees? Veertien maande ...

**A:** Nie grappies. Sy's 'n fantastiese vrou. Ek's verskriklik lief vir haar. Dis die eerste keer, wat ons toe op die vliegtuig afklim, toe sien ons dit. Sien, daar's Pieter en Trienie ...

**V:** Geskeer op die boot?

**A:** Ja, ek moet my fatsoenlik maak vir my vroutjie, jy sien. Toe ... Met die selfvertroue wat ek opgebou het, het ek geweet ek kan. En 'n paar keer vir base gewerk, en toe begin ons ons eie besigheid. Maar voor dit, almal vra hoe gaan dit? en ek het skyfies gehad, en toe timmer ek so 'n lesingkie aanmekaar en koop 'n karavaan – want ons is maar arm; ons het nie geld gehad nie – en toe begin ons die land deur toer met twee kleintjies. En ure se plesier gehad: ry en ons stop. Toe gaan kyk ons die ... in die ensiklopedie na die miere ... kyk waar die gaatjie is – die kleintjies saam om dit te vertel, en dan en so aan. Ons het baie mense ontmoet op verskillende plekke – die aand hou ek 'n lesing en dan verdien ek geld daardeur. En toe't ons ons eerste besigheid begin, 'n klein ou vulstasietjie, en toe 'n tweede en toe 'n derde en toe 'n vierde, en toe 'n vyfde ... jy sien.

**V:** Soos die man met sy £10-noot ...

**A:** Ons het hierdie met die hand gemaak – daai deel. Als met die hand gemaak. Daar's perdekrag ... En as jy op die DVD sien, sal jy sien dat hulle reken dis die vinnigste kar in die wêreld, die Lamborghini.

**V:** Ongelooflik!

**A:** Dis alles ... En dit is Pieter, my seun, se ontwerp. As jy die ding in jou kar laat installeer, dan op jou selfoon – as jy hierdie Blue Tooth het – dan kan jy ... As 'n ou jou nou ... Jy ry nou Kaap toe ... Nou op jou selfoon druk jy, dan kry jy die progammetjies en dan kies jy die optimum brandstofverbruik, as jy nou Kaap toe ry. Maar kom 'n ou nou van agter en hy wil jou nou *dice*, dan druk jy op jou selfoon *optimum power* ... Kyk, nou kyk jy nie want dan looi jy hom, jy sien. So het jy vyf programmetjies op daai rekenaartjie ...

**V:** Ongelooflik!

**A:** En jy bou hom bo-op die ander rekenaar, die kar sinne. So dit het van ons baie suksesvolle mense gemaak. Maar ek is nog steeds buite-kerklik, maar baie diep religieus. Ek wil nie met mense baklei nie en dis ... ou in dié Kerk ook. Ek ... baie keer ... Ek hou baie lesings – kyk, ek was President van die MIF gewees, en ek het baie bankette gehad en ek het baie toesprake by kolleges op uitnodiging gehou en so aan. En die ouens ... as ons oor Kerk praat, dan sê ek man, ek gee nie om watse geloof of watse kerk jy aanhang nie; as jy sleg voel as jy daar ingaan en as jy daar uitkom, voel jy goed, dan sê ek man, ek weet nie wat die ou gesê het nie, maar gaan weer soontoe. Maar as ek 'n ou sien wat hier gaan en hy kom op sy knieë uitgekruip, dan sê ek oukei, ek weet nie wat die ou gesê het nie, maar ek sal nie weer gaan nie.

**V:** Ja, ja.

**A:** So ... Dit maak nie vir my saak nie wat jou geloof, kerk is nie.

**V:** Het u kontak gehou met baie van die spanlede, of van hulle?

**A:** Tot 'n mate. Met Hannes, baie; Blackie, Martin ... ons kommunikeer met mekaar, maar hy 'n absolute fundamentalis – jy sal sien dat hy tot die ... hy glo nog vandag net aan die Boerevlag; hy wil nie die nuwe regering aanvaar nie ... baie ver regs, en sy kerk is bam-bam-bam, jy weet.

**V:** Ja, ja, ja.

**A:** So daar verskil ons twee hemelbreed. Maar dit wil nie sê ... Ek glo my naasteliefde is onbeperk – ek gee nie om wat 'n ou is nie. Ek sê ag, ou Martin, jy's oraait.

**V:** Wie van hulle leef nog?

**A:** Vyf.

**V:** Vyf?

**A:** Vyf oorlede ...

**V:** Ek wil die name neerskryf ...

**A:** Laat ek die foto daar afhaal ... Kan jy sien?

**V:** Ja, ek kan sien, dankie.

**A:** Dis Theo van Wyk; hy was 'n loods. Hy's afgetree ook; hy woon daar in Kempton Park se wêreld, Constantia Park. En dit is Nick – oorlede. Hier's Martin du Preez – hy leef. Blackie, die jongste, is oorlede.

**V:** Wat het Blackie gedoen? Het hy nie 18 geword nog op die skip nie?

**A:** Ja, of 21 geword, of so iets. Hy's 'n reuse baba gewees. Maar ek was baie lief vir hom; ons het baie met mekaar te doen gehad.

**V:** En Martin du Preez leef ook nog?

**A:** Martin leef nog. Blackie is oorlede. Hannes is oorlede. Vic von Brunn is oorlede.

**V:** Hy's mos redelik onlangs oorlede?

**A:** Ja, so 'n jaar terug. O, hy was Professor aan Natalse Universiteit. Dick Bonnema – hy leef; hy's in Muizenberg; fantastiese ou. George is in 'n ouetehuis in Mosselbaai. André is oorlede. En dan's ek daar. Ook amper weg gewees – ek het so 'n jaar in die hospitaal deurgebring met maagkanker – hulle het die helfte van my maag weggesny; my slukderm is weg ... Kry embolismes op die longe en al daai goed. Ek was drie maande in intensief gewees en almal het gedink ... Hulle wou, ek dink by drie geleenthede, wil hulle die prop trek, maar toe sê die ou *girl* nee, los hom; hy sal regkom. So ek was al amper nommer 6 gewees.

**V:** En toe julle terugkom, het julle ooit iemand bekend ... ? Ek het gesien hier's 'n foto met H.F. Verwoerd wat julle ontvang het ...

**A:** Dit was voor die tyd ...

**V:** Was dit voor die tyd gewees?

**A:** Ja, voor ek weg is. Ek het Doktor geken ... Hy's ook 'n Hollander, soos ons, en my suster het vir hom gewerk. En daardeur het hy my ouers ontmoet. Toe't ek hom ook ontmoet, toe's ek nog so ... En toe ons Antarktika toe gaan, toe maak hy nou eers die persverklaring voor die pers en sê maar nou wil hy met die manne alleen praat. Hy't mos gebrei. En toe sê hy, jy weet ... Maar toe ons nou voorgestel word ... Nou staan jy op 'n ry; kom jy eers Ben Schoeman, die Minister, en jy't 'n sekere protokol, wat hulle vir jou sê jy doen dit en jy vra nou nie ... en dit, dit, dit, dit ... En dan sê ek wie ek is, en hy sê weet jy iets van grootwildjag af? En ek sê nee; en hy sê wel, dan kan ek nie met jou praat nie ... Ek voel al klaar soos 'n wurm ... Kom by Doktor aan, maar ... ek kyk ... maar ek sien sy kraag is gestop – tant Betsie het sy kraag gestop – en hy

kom en hy vat my hand en "ken jy vir my, meneer?" Ek sê ek ken jou. Hy sê hoe gaan dit met jou pa en ma en ek sê hulle's altwee oorlede en jou suster en so aan. Hy't wragtig na al die jare ... het hy my nog herken – maar die van het natuurlik vir hom iets gesê. Maar dit was vir my verstommend dat hy my ... nog met my gesels en so. Toe sê hy vir ons, kyk, as julle terugkom – ons het almal ons lewens weggeteken; hulle het gereken ons gaan dit nie maak nie – hy sê, as julle terugkom, ons gaan glo en bid dat julle wel terugkom ... Hy sê dan gaan ons vir julle 'n groot onthaal gee en ons gaan baie ... Julle gaan in die koerante kom en die radio gaan onderhoude voer ... Hy sê en op 'n dag, dan kyk jy rond en iemand kyk vir jou, en hy sê dan voel jy soos 'n ballon wat met 'n speld geprik is. Hy sê daai dag, hy sê ek sal seker ook daai dag belewe ... Hy sê dan gaan jy net ... die enigste raad ... gaan help iemand; gaan soek iemand om te help. Dit was sy raad aan ons.

**V:** Wyse woorde.

**A:** Ja. Ek het nooit gedink by myself dat sy einde gaan kom nie ... So ja, dit was die wonderlikste ervaring, die hardste ervaring van my lewe. Ek was gewoond aan hard werk – ek het kleintyd ... Ek het nooit 'n lekker lewe gehad op ... Ons was baie ... brandarm mense gewees, en ons kon werk; gelewe om te werk. En ek het my opleiding toe – dis ook 'n storie, maar ek weet nie of jy daarin belangstel nie ... Moet ek vertel?

**V:** Maar vertel, ja.

**A:** Ek was 14 jaar oud; ek was nog op skool. Ons moet ... al die kinders moet werk ... 12 kinders – ons was 14 kinders gewees; twee het vroeg gesterf.

**V:** Wanneer het u ouers ... het julle ... ?

**A:** (19)38, net voor die oorlog. Toe ... almal moet werk. En van die soldate wat terugkry, het voorkeur gekry. En ons kan nie Engels praat nie. Ons is in Johannesburg. Toe moet ek gaan werk, en my pa was 'n baie, baie moeilike man ... Kom terug, sê nee, Man, gaan nog ... Jy moet werk kry; jy moet geld verdien. Toe kom ek by Stanley Motors aan, en ek gaan vra toe die man of hy vir my 'n werk het. Toe sê hy nee, die enigste pos wat hier oop is, is *toilet attendant*, maar dis *kaffir work*, so ons het niks vir jou nie. Ek gaan toe huis toe. My pa sê het jy werk gekry? Ek sê nee. Hy sê niks, niks, niks? Ek sê nee, daar was net een *job*, maar dis kaffirwerk, dis om toilette skoon te maak. Toe sê hy: jy's môre daar. Veertien jaar oud ... Ek het toe 'n oorpak ... Ek is so 'n maer ou seuntjie ... Hulle rol met die ... moet die oprol; daar's nie klein genoeg vir my nie. En ek kom werk en hulle kyk met groot oë: wat? Weet, my pa het gesê ek moet hier kom werk, jy weet. Ah, ons sal maar sien. En ek gaan deur. En dis 'n ou stoomlokomotiefloods en die roet het net so dik ... pikswart, donker ... gelê, jy weet. En die werktuigkundiges was meestal soldate wat teruggekeer het van die noorde af,

wat 'n drie-maande *crash course* by Olifantsfontein deurgemaak het. En jong, dit was 'n rowwe klomp. Nou ja, nou moet ek na die toilette gaan, en hulle sê daar's hy; maak skoon. Jong, maar ek tjank jong, want dit stink en dis ... Ek wil nie daai werk ... Maar ek kyk toe na daai karre, jy weet, ek gaan staan toe daar. En hier kom die voorman en hy sê wat soek jy hierso? En ek sê nee, ek kyk net. Hy sê as ek jou weer kry, klap ek jou. Ek gaan terug, gaan ek maar soontoe, maar ek gaan sit toe ... staan in die hoekie soort van en huil, jy weet. Gaan weer soontoe, As ek jou weer sien, is jy *gefire*. Nou ja, toe's dit nou die end van my loopbaan. Toe sit ek in die groot toilet, en dis vieslik verby. Ja. Ek het naderhand 'n leer gekry wat daar gestaan het en toe gaan ... toe begin ek die plafon skoonmaak. Maar niemand kyk na my nie; ek het nie 'n baas of niks nie. En toe kry ek ... Ons het Wim gehad daai jare ... koue water en 'n ou stuk lap en ek begin toe maar skoonmaak en was en skoonmaak, en was en skoonmaak ... Want ek is geleer al ons kinders moet werk, jy sien. Ek het die hele plafon naderhand skoon; toe's ek af na die mure ... Toe ek by die urinale kom, toe begin ek te sien dat almal het koperwerk – wat voor die Wêreldoorlog, in die 18^de^ eeu nog gedoen is – en dis geelkoper en rooikoper, en jong, ek hou van 'n ding blink, jy weet. En ek begin die ding te *polish* en oe-hoe ... en naderhand, toe ek nou kom by die vloer, het ek 'n spitgraaf gevind ... Toe die teëls ... kom uit wit en swart, pragtig mooi, jô! En ek het toe daai toilet toe ... En toe't ek begin om die ... Ek het ou batterysuur gevat om die kalksteen wat ontstaan het, af te krap ... die toilette skoongemaak en vernis gekry en die deure en rame vernis en sommer streepsakke gewas en neergesit dat die ouens nie die plek vuilsmeer nie en ... Dis nou my 'produk', jy sien ...

## [BREUK]

**A:** ... Die "by" soos ons sê, dit was mnr. Cliffy Rylander. Jong, en hy het 'n  en toe kom die verteenwoordigers vna Rolls Royce van Crewe, van Engeland, kom inspeksie doen. En toe hulle by die werkswinkels kom, toe Colette, die Engelsman kom in en hy sê, gee, Bill – die mos die grootbaas – wat gaan hier aan? "Well, this is beautiful!" jy weet. En my baas kyk ... Onthou, jy kry die Here en dan kry jy my pa, en dan kry die baas ... Nou staan die beer in die hoek, en die baas sê nee, ons is besig met 'n program om die manne weer op te bou na die oorlog ... En toe weet ek hy lieg, want hy was nog nooit daar gewees nie. Nou kyk hy en hy sê "Yes, Sonny, what are you doing here?" Nee, ek werk hier, jy weet ... Ek dag o hel, en die Engelsman staan so en kyk en hy sê "Bill, I want this youngster in the Rolls Royce bay. If he can clean a toilet like this, then he can work on the Rolls Royce."

**V:** Dis ongelooflik!

**A:** Toe word ek by die Rolls Royce *bay* gestoot en mnr. Rylander ... die man was briesend kwaad oor die klein *Dutchman* wat hierso by hom kom en hom probeer leer jy weet. En ek onthou hy't my altyd gesê ek's die slegste *mechanic* wat hy nog ooit in sy lewe teëgekom het. En die dag toe ek nou klaar my vakleerlingskap gedoen het, toe's ek nou weg, toe sê hy "I'm so glad to get rid of you little bastard." Nou sê ek, bly net uit my lewe uit. Maar toe loop die trane ... maar hy vloek my nog weg.

**V:** Nou wat het u laat besluit om aansoek te doen vir die Antarktika-werk?

**A:** 'n Advertensie. Ek het gesien wat hulle vra, toe dink ek ... Ek het nie eens geweet dis koud op Antarktika nie!

**V:** So dit was maar die geleentheid, die avontuur?

**A:** Ja, ek het die advertensie gesien en ek sien toe 'n senior voormanspos, en die betaling is baie beter; ek skiet vir daai pos. Toe sê ek vir Salomé, dink jy ek kan gaan? en so aan. En toe sê sy ja, oraait. Maar ek onthou nog ... Hannes sê toe vir my ... Ek het geskryf ek is gewoond daaraan om in moeilike omstandighede te werk – wat so was – en net daai sin het my op die kortlys laat plaas.

**V:** Regtig?

**A:** Ja, so daar sit jy ... vandag 'n ou man.

**V:** En wat was u eerste indrukke gewees van Antarktika?

**A:** Pragtig. O man, jou ... kyk, jou kleurspektrum van die sneeukristal ... as jy eers só staan, is hy pienk, en dan's hy blou en groen ... Dis nie alles net spierwit nie. In die oneindig uitgestrekte wit ... was vir my ongelooflik. Jy hoor net jou eie asemhaling en jou eie hartklop. Hier hoor jy gras groei; jy hoor altyd iets. Maar daar is dit totaal, totaal, totaal stil. En as jy trap, dan's dit asof jy beskuitjies stukkend trap ... die ys. Maar nou staan jy stil, dan sien jy daai grootsheid, dan dink jy "wow". En die winter, die *aurora australis* – ah, man. Ou Nick was ons radio-operateur. Hy was ook maar 'n bietjie kru, ook maar my katagorie ou, jy weet. Ons was ... Hy was ook nie geleerd gewees nie. Maar ek onthou, toe ons uitgaan, sê hy: "Manne, kom kyk hier buite." En hierdie ou, sy mond hang oop. Sê hy: "Maak toe jou mond."

**V:** Of jy gaan verkluim! Hoe was die winter gewees?

**A:** Ek dink ... Ongelooflik moeilik. Dis die ontberinge. Kyk, Hannes ... as jy lees, het ... Hy was op die *advance party* gewees, en hy was ... as 'n welwillendheidsgebaar, het Suid-Afrika 'n man gestuur, en hulle het vir Hannes gestuur. En die *advance party* is maar net aflaai, jy weet. Jy vat en jy help aflaai op die basis en jy gaan maak 'n depot – ek weet nie of jy weet hoe dit werk nie? Jy't die netnou dan gaan gooi jy nog ene en dan't jy die finale aanslag. En die finale aanslag ... kyk, dis lewe en dood. Dan sê vir jou boetie: "Sorry, pêl, ek's lief vir jou, maar ... "

**V:** Ek sleep jou nie saam nie ...

**A:** ... Jy vat net ... Jou span wat jy daar uitkies is die room. En hulle het vir Hannes gekies, wat nooit veronderstel was om op die *advance party* te wees nie.

**V:** Het Hannes baie gepraat oor die Trans-Antarktiese Ekspedisie?

**A:** Nee, Hannes het oor die algemeen nie baie gepraat nie. Hy was absoluut regverdig met ons almal; almal dieselfde behandel. Hy't geen pêlle gehad of voorkeur gehad of so nie. Hy't hom altyd bietjie afsydig gehou. Hy het later, toe ons terug is, toe't ons huisvriende geword, wat ... Lettie, sy vrou, en Salomé was ... Ek het nog gister met Lettie gepraat; sy ...

**V:** So sy leef nog?

**A:** Sy leef nog; kry baie swaar. Sy was 'n matrone van die Port-Elisabetse hospitaal. Sy was in beheer van die hospitaal gewees.

**V:** Was hulle toe al getroud gewees toe Hannes weg is?

**A:** Janee, kyk Hannes wou nie Antarktika toe gaan nie, want hy't toe op trou gestaan met Lettie. En toe hou hulle aan. Dr Verwoerd het vir hom gesê: "As jy nie gaan nie, is alles af. Jy's die enigste ou wat dit sal kan doen."

**V:** Want hy't mos ook die hele ekspedisie gereël, met behulp van Bunny Fuchs?

**A:** Ja, alles – binne drie maande; die lot.

**V:** Het hy gepraat van Bunny (Sir Vivian) Fuchs, ooit?

**A:** Ja, baie. Ek het vir Bunny ontmoet. Hy was hier by ons gewees.

**V:** Regtig?

**A:** Ja. Nee, 'n doodgewone ou, jy weet ... lekker gesels en gekuier en ... Nee, ek het vir Bunny en ... Hillary ... Hy was 'n ander ou gewees ... Toe hy Everest geklim het – ek weet nie of jy dit weet nie – toe moes hulle hierdie wiel trap wat jou ... bepaal metabolisme, jou suurstofverbruik, en so aan. En dan het jy mos die – wat was daai wiel wat die muise in hardloop ...

**V:** Die meule, trapmeule?

**A:** Die trapmeule, ja. En toe's al Eddie se ouens is toe getoets en uitgesorteer, toe sê hulle maar hy moet ook kom. Toe sê hy maar hy't nie tyd nie. Toe sê hulle maar hy móét kom. Toe kry hy opdrag hy moet gaan. Hy begin toe meule trap; binne twee minute val hy flou. Hy's ... Ek het ook nie sterkte-kapasiteit nie, soos hy. Maar hy't wragtig toe Everest uitgeklim ... die beneukste, bedonnerdste ou wat jy kan kry.

**V:** Ja, ek het so gelees al ...

**A:** En as jy daar bo staan ... Toe't hy nie gesê ... wat? ...Hulle't so mooi woordjie ... Dit was glad nie so gewees nie! Hy't daar gestaan en ... "Fucking bastard; I won you." Jy weet, daai soort van ... Ja, ons het midwintersfeeste ... Ek het later nie meer gegaan nie. Ek ken nie die nuwe ouens nie. Hulle het byvoorbeeld bloufilms saamgevat, wat by ons ... was dit taboe. Altyd Bybel gelees en gebid en nooit 'n grap vertel wat enigsins ...

**V:** Onder die belt was nie?

**A:** Ja, onder die belt was nie. Hannes was baie streng daarop. 'n Paar manne het dit probeer en Hannes het hulle gou-gou op hulle plek gesit.

**V:** Is Hannes 'n gelowige ou gewees of nie?

**A:** Ja, baie diep gelowige man. Maar hy't sy doktorsgraad in Stadsbeplanning gekry en in Bloemfontein is hy eintlik onder 'n wolk weg.

**V:** Ek het gesien een van die artikels wat hy hierin geskryf het, het 'n Bloemfontein-adres. Toe't ek gewonder wanneer was hy in Bloemfontein?

**A:** Hy het net gesê dis hoe dit hoort; dis die ding. En hulle wou 'n ding inknoei en Hannes sê toe nee, en toe draai die hele lot teen hom. Toe's hy kus toe, Jeffreysbaai toe, en ... Wat is naby Jeffreysbaai? Ek vergeet nou die naam van die plek ...

**V:** Oos-Londen?

**A:** Nee, dit was nie Oos-Londen nie; dit was ook so ... Jeffreysbaai en ... Maar, nietemin, toe's daai marine kompleks ... Hy't gaan kyk. Toe gaan hy na die ouens en sê luister, kyk, hierdie goed ... die see gaan dit nie vat nie. En hierdie ding is ... weet hy gaan toespoel en ... Hy weet; dis mos sy vak. En toe die ontwikkelaars hom ook so sleggepraat dat hy ... Hulle het hom toe ontslaan. En ek onthou die laaste keer, toe's ons daar by sy huis, toe sê ek hoe gaan dit met daai ontwikkeling... ? Toe sê hy kom bietjie saam, want ek weet presies wat gebeur het. Hy sê kyk wat het gebeur ... Alles toegespoel; alles ... goed afgebreek, huise, projek ... als het weggespoel. Maar hy't vir hulle gesê die vloedlyn – is die vloedlyn, ja – is verkeerd. Want hy't sy wetenskaplike feite en alles daar bymekaar gesit en gesê kyk, daar's die vloedlyn; julle moenie dat ... Maar hulle het toe verbygegaan, en al daai huise het weggespoel.

**V:** Het Hannes ooit weer teruggekeer? Hy was mos op Marion-eiland ook gewees, of was hy nie?

**A:** Ek dink so, ja. En Dick Bonnema was op Marion en Gough en twee jaar op Antarktika.

**V:** Is daar van dié span wat agtergebly het? Ek dink daar is mense wat gevra het om agter te bly?

**A:** Dick het agtergebly. Maar die tweede ekspedisie was nie 'n lekker klomp nie.

**V:** Het u dit ooit oorweeg om terug te gaan na Antarktika toe? Ja?

**A:** As ek nie getroud was nie, het ek my hele lewe daar deurgebring. Jy word tot die uiterste beproef in al die aspekte van die lewe. Kan jy daai kar optel?

**V:** Nee!

**A:** Jy weet nie.

**V:** Ja, oukei, ek sal nie weet of ek kan nie.

**A:** Maar dis die punt. As jy nie kan nie, dan sê jy maar ek weet; ek kan nie. Nou raai jy. En ek gebruik dit as voorbeeld, maar dit word in alle omstandighede tot die uiterste beproef. Die ontberinge wat Hannes deurgemaak het met die Maart Trans-Antarktiese Ekspedisies, toe daai stuk ys afgebreek het met al die voorrade ... Hannes was van die eerste ouens wat 'n winter in 'n tent deurgebring het.

**V:** Ek kan my dit nie voorstel nie.

**A:** Jy vlieg af met die Boeing 747, né? 50, -50 grade en gaan hang buite aan die vlerk in 'n tentjie, dan kan jy agterkom hoe dit voel. Dit was afgryslike ontberings. En hy't dit gedoen.

**V:** En later, toe julle nou terug is en vriende word, het hy toe meer gepraat oor sy ervarings in die ekspedisie, of ook nie regtig nie?

**A:** Nie baie nie, nee.

**V:** Maar dit het hom waarskynlik voorberei vir die eerste SANAE-ekspedisie?

**A:** Ja. Hyself was 'n baie nederige ou. Hy't nooit gespog nie. Hy was net nie die spogsoort ou nie. Hy't dinge vertel wat gebeur het as jy nou vra, en so aan. Maar hy was nie 'n geselserige mens nie.

**V:** Oukei, ek verstaan.

**A:** Ou Vic von Brunn ook nie. En George Strauss ook nie. So ons was baie teruggetrokke saam.

**V:** Wie het die meeste gesels?

**A:** Nick en ek en Theo, dink ek. En Martin. Martin kon lekker gesels.

**A:** Die nuwe ouens ... Ek voel my nie tuis tussen hulle nie. Ons kom daar by die midwintersfees en almal klap hande; jy kom daar aan "hallo, hallo", jy weet. En dan gaan sit jy by die ouens en hulle ken jou nie en hulle kyk op na jou. En ek is nie so ... ek's 'n ou wat só is, jy weet. En dan's hulle te verleë om met my te praat, omdat ek nie geselskap aan die gang sit en so aan nie. Dis nie lekker nie.

**V:** Het julle, toe julle op die basis was, kontak gehad met ander basisse? Was daar nie iewerste 'n skaakwedstryd of ... ?

**A:** Ja, die by. As ons op die skip is, speel ons skaak oor die radio. En Johannes, die kok, die ou van die toilette, was ‘n alkohols, en sy grootste prestasie in sy lewe was om vir Sonja Henieny – skaatskampioen dink ek; kan jy dit onthou? wêreldkampioen?

**V:** Nee.

**A:** ... Om vir haar ‘n *parfait* te maak. Dit was sy ... Hy vertel vir almal dit. Hy was altyd gesuip ... en ‘n sigaar en ... Nou speel ons spanne skaak. Dit was die ander ouens se goed op die radio en besluit ... Robby Clay, wat ‘n waarnemer was, hy was Direkteur van Geologiese Opname, dink ek ... Hy kan skaak speel. En dan’t ons nou so skuiwe beplan, en toe’t ons hulle, ek dink, as ek reg onthou, drie teen twee gewen, die Engelse. Nou sê die Johannes, hy wil ook speel: “Julle moet sê ... “ Jy weet, ons sê man, gee pad; jy stamp die goed om. En hy karring; hy wil ook speel, en hy wil ook speel. Toe sê ons naderhand laat die donner nou maar sit en speel. Maar toe Robby ... “Oei, speel met hom” ... Robby is die beste speler; Robby sê ja, hy weet nie ... “Man, net om die vrede ... die ou karring so aan ons”. Toe staan ons op en ons laat hom sit. Nou begin Robby nou sit ons ons praat Afrikaans. Nou sê ons, Robby, wat van ons skuif dít en dan maak jy dít, en dan daai ... diékant en so so so. En Robbie speel. Hoor hier, daai Johannes Kok het die vloer met Robbie gevee. So dronk as wat hy was! Ongelooflik! So, Martin het – natuurlik die radioman – met almal buite gekommunikeer waar hy kan. Ek het baie min tyd gehad om te sit en luister, behalwe as ons nou eet en dis Saterdagaande, maar andersins het ek ... Ek het net gewerk. Jy weet, ek het gaan ys kap en ek het die trekkers uit die sneeu uit moes haal, en ek moes dit doen en allerhande goed. Op daai punt, met my agtergrondopleiding ... Kyk, as ek die boutjies vassit, dan sit ek *straight edge* voor, lyne ...

**V:** Mooi netjies.

**A:** Elke boutjie op sy plek. Kom ‘n sneeustorm – woep! Vol sneeu. Haal alles af; haal uit, sit weer op. Hannes kon ... hy sê vir my: “Wat maak jy?” Ek sê, nee ek maak dit maar weer reg. Hy sê: “Hoor hier, as hier ander mense nie ook hier op Antarktika is nie, hoekom?” Hy sê: “Vir wie wil jy nou *brag?* Vir wie wil jy beïndruk? Dis ‘n trekker, man.” Ek sê: “Hy moet reg wees.” Hy sê: “Ja, maar is hierdie kap nodig, hierdie bonnet?” Ek sê dis deel van die estetiese ... Hy sê man, este ... “Haal die ... “. En daar het ek geleer hoe meer goed jy het, hoe meer goed breek. En jy moet net die basiese, die *bare essentials* soos hulle sê, daar hê. Dit het my hart gebreek. Ek het die *grid* afgehaal en net die verkoeler wat daar staan met die waaier en die enjin; man ...

**V:** Hoe het julle die basis skoongehou? Om die beurt?

**A:** Ja, vier dae klaar – die kombuisdiens. Maar dan’t jy sommer ‘n span. Ekself ... omdat ek altyd gewerk het, jy weet, ek vat ‘n graaf en ek krap ... Ek het nie nodig gehad jy moet vir my sê hoor hier, hier moet skoongemaak word nie; ek hou van my goedjies

skoon en op hul plek. Die werksplek self was nogal net soos hier, so deurmekaar gewees, maar ek het als geweet waar dit is. Maar, nee, ek het myself aan die werk gesit. Waar ek kan, dan versoek ek iemand om te help, en ek begin self skoonmaak. Maar in die kombuis was jy die *skivvy* vir vier dae, saam met die kok, en deel van dit is om vloere te was en skoon te maak, ja.

**V:** En het die manne darem gou genoeg gewoond geraak daaraan?

**A:** Ja, ja. ‘n Paar ouens het bietjie geprotesteer en so aan, en bietjie half gewerk en so aan, maar later het hulle dit gesnap.

**V:** En kommunikasie met Suid-Afrika? Kon julle soms praat?

**A:** Amper nooit. Jy’t per maand ... ek weet nie hoeveel woorde nie ... Dan skryf jy en dan gee jy dit vir Nick. Nick Morsekode dit oor na Slangkop; op Slangkop Morsekode dit oor na Derde Poort. Derde Poort skryf die brief en gooi dit in die pos. Nou wat sê jy vir jou vrou, jy weet? So dit was moeilik. En ek kan nog, vandag nog, as ek in ‘n vliegtuig sit en die Kaptein praat ... ek kan nie hoor wat dié ou sê nie; dis sjoei alles, tussenin ... So kommunikasie vir my was baie swak gewees. Maar Nick het baie gekom en elke keer is Vic en ek buite; ons het ‘n storm ... jinne. En dit op my skyfies sal ek wys, die Caboose ... Die wind waai hom dat hy hom optel en dan woep, optel en dan woep! Ag dae. Jô, dit was baie erg gewees. Jy kan nie slaap nie. En gelukkig, soos ou Vic praat en ek ... en dit is die noodvoorraad wat ons eet. En jou paraffienstofie gooi jy ... Jou paraffien sal jy nie aan die brand kry nie. Jy gooi petrol in en dan met moeite kry jy hom aan die brand en dan gooi jy die goed in en kry sneeu, smelt dit en dan kan jy goedjies insit. En man, nou’s ons maar spaarsamig met die etery, maar ek dink op die sesde dag is die kos klaar. Maar ek kry toe onder kos, maar ek sien toe curry, kerrie. Ek het nooit kerrie of iets geëet nie, maar ek sien die goed, en ek besluit ek gaan in die bietjie ... aartappelpoeier, die ... wat noem mens dit? ... die *mash* ... die goed inwerk, jy weet. En ou Vic lê en slaap en hy maak sy oë oop, en hy sê hemel, ek het nou gedroom ek’s by die huis en ek kry hierdie lekkerste kerriekos, en ek sê maar hier’s die kerrie nou. Hy sê: “What?!” Waar kry jy dit? Onderin. En ek gee sy kos vir hom en hy vat so ‘n mondvol en hy sê nee, oef, wat gaan hier aan? Hy sê gee daai pakkie hierso, en hy sê vir my kyk nou daarso, vir ag persone vir twee maaltye, wat ek toe kerrie ingegooi het. Maar ons is so honger, ons eet dit toe maar. Joe, maar toe kry ‘n ou darem maagwerkings wat skrik vir niks.

**V:** Ja, ek kan dink! En in daai Caboose ...

**A:** In daai koue en die wind waai. O man! Dit was ellendig gewees. Toe, na die agste dag, toe begin ons ... ry ons terug. Ek onthou Martin-hulle het ons kom ontmoet. Maar intussen het hulle nie geweet wat van ons geword het nie. Ons het nie kommunikasie nie. En die ouens het gedink dis verby met ons. En toe’t Martin ‘n

brief aan Salomé geskryf asof dit ek is, jy weet. Die ouens het dit gedoen om die mense tuis gelukkig te hou, soort van ding. Maar sy sê soos sy dit lees, toe kom sy agter maar dis nie ek nie ...

**V:** En die nuus dat u seun gebore is?

**A:** Dit was groot nuus gewees. Dit was ... Almal is peetpa's van Pieter.

**V:** Is dit? Het hulle koek gebak of ... ?

**A:** Ja, 'n bietjie lekker feesgevier, maar ook niks uitermatig nie. Alles was in matigheid voor oë gehou. Jy weet, Hannes is mos nie vir uitspattighede te vinde nie. Maar dit was baie lekker gewees. En natuurlik, die verlange; baie groot.

**V:** Ja, ek wou nou net vra, hoe is dit om ... ?

**A:** Ons is eintlik baie lief vir mekaar. En ons het nou 'n soort van 'n semi-platoniese verhouding, maar die ander ouens het nie met hulle vrouens so baie gepraat nie. Een spesifieke ou en sy vrou is met rusie uitmekaar uit; die ander ou en sy *girlfriend* het mekaar ... sy't hom afgesê terwyl hy daar was en in die pos gesê sy't 'n ander ou ontmoet en so aan, jy weet. Maar ons twee was altyd baie na aanmekaar; ons is nou nog.

**V:** Waar het julle ontmoet? Jammer, dis nou nie regtig van belang nie, maar ...

**A:** Ja, ek was regtig ... Toe ek nou my vakleerlingskap klaargemaak het, toe wil ek die diesel gaan leer en ek wil implemente, die padverskuiwingsgoed gaan leer. Toe's ek Lichtenburg toe. My swaer het daar gewoon, Vermaers, toe sê ek kry vir my daar 'n werk dat ek 'n bietjie op trekkers en goed leer werk.En toe, kry hy vir my 'n werk by Western Garage. En toe ek daar instap, toe sien ek die *girl* daar sit. Toe sê ek, o daai, dis my vrou daai. Hulle lag ... Want sy staan toe op die punt om verloof te raak aan 'n onderwyser, jy weet, en jy's sommer 'n *mechanic*. Ek sê dit maak nie saak nie; dis my vrou daai. Nouja, almal was nou nie baie gelukkig met my gewees nie. Nogal 'n Hollander wat van Johannesburg af kom, van Sodom af kom en wat met hulle pragtige dogter trou wat op die punt gestaan het om met dié ... En dis eintlik 'n baie oulike ou, die ...

**V:** Onderwyser?

**A:** Die outjie, hy was 'n baie oulike ou gewees, ja.

**V:** So was dit lekker gewees om hulle die eerste keer weer te sien terug?

**A:** O, dit was hemel op aarde gewees. Maar als stadig ... ry ... Kyk, jy's daar gewoond om 5 km per uur, ploegspoed, te ry, en skielik is jy in die kar en die ou van die Staatsgarage wat my kom haal het, ek sê: "Dag, oom! En hy sê: "Dag, meneer", jy weet, en hy maak agter ... Ek sê nee, ek sit sommer voor by oom. Hy sê nee, nee,

nee; meneer moet agter sit, jy weet. Groot swart Cadillac, jy weet ry. Nou sit ek, maar my mond hang oop. Jissie, maar die oom jaag, jong! stadig, so by die 30 myl per uur. En toe ons huis toe ry, toe sê Salomé en die kleintjies ook, Trienie: "Pappa ry vreeslik stadig!" En die nuus ... En daar om ek agter hoe kleinlik die mens is ... Ongelooflik, die koerante. Ek het nooit besef dat die mense so kinderagtig en so kleinlik is nie. Ons lees ook die nuus vandag; selfs vandag nog – ek is nog bewus daarvan. Ek sê man, is dit nou rêrig nodig om die ... hulle moet ook seker maar hulle koerante vol kry.

**V:** Het julle teruggevlieg van Kaapstad af?

**A:** Ja, na Swartkop toe.

**V:** Ja. Was daar toe pers gewees op die hawe toe julle terugkom?

**A:** Ja, maar ons het opdrag gekry ons mag nie met die pers praat nie, en ek het ook nie. Hulle het na my toe gekom en praat, toe sê ek hoor hier, praat met iemand anderste. Selfs op Swartkop; dieselfde ook, maar ek was nie ... Ek wil by my familie wees; ek wil nie ander mense sien ...

**V:** Sien nie, ja ...

**A:** En vandag is ek self nog so 'n semi-kluisenaar. Ons is nie sosiale mense nie. Toe ek President MIF was, moes ek altyd onthale en pakette en goed bywoon ... Ons is twee en 'n half keer om die wêreld gewees, het al alles gesien. En of jy nou nou is ek daar met. my pakke. Ek is die ou met die ketting om my nek en dan't ek die Hoof-Regter een kant, die Minister ander kant; ons het mekaar se CV's gesien al – hulle gee voor die tyd vir jou wie hy is en wat hy doen; en hulle het myne, jy weet. Die gesprek is so oppervlakkig en so plasties, dis nie vir my , see there been there t-shirt, rerig nie... Ek het die werk van gehou. Dit was vir my 'n geweldige leerkurwe om die hele bedryf te leer ken, presies van *upstream*, met ander woorde die eksplorasie, die raffinadery, die kleinhandel, en die soort van dinge ... En dan, ek het 12,000 lede gehad; dis die tweede grootste bedryf in die land, en ek was in beheer van die ouens, en ek het dinge gesien wat ek nie van hou nie, jy weet – kanse vir knoeiery; nie een nie, baie. Selfs toe ek op FSF se Ekonomiese Adviesraad was, het die ouens met *deals* gekom ... En dan praat ek nou grootbek, want ek het altyd gesê maar ons het genoeg geld. As ek arm was, het ek heelwaarskynlik ...

**V:** Ja, dan's dit makliker ...

**A:** ... dit oorweeg, jy weet. So ek het niks om oor te *brag* en te sê my hande ... My hande is skoon, maar dis omdat ons genoeg gehad het in elk geval, jy sien.

**V:** Hoe was dit om weer tussen baie mense te wees?

**A:** Toe ek terugkom? Nee, ek het nie baie daarvan gehou nie. Selfs nou nog nie meer nie. Ek behoort aan die G6 Klub ... Dit is ‘n klub vir *has-beens*. Dr Don Roos, die kindersielkundige – weet jy van hom?

**V:** Ja, ja.

**A:** Hy’s ... ons is groot vriende. En dan’t ons so tien ouens. En ons het geen agenda nie; ons het niks. Die ouens kom met kortbroeke en sandale en kieries en rolstoele en ... Al wat ons weet, dis die eerste Dinsdag van elke maand – dis nou môre. En jy kom só laat, maar daar word nie notule gehou nie; daar word nie ... nie agenda nie. Daar’s niks nie. Jy moet net eenkeer in drie maande ... moet jy ‘n lesing hou. En ek verstom my aan die kennis wat daar by daai ou manne uitkom. Weet jy, hy’s so verlore vir die bedryf ... Ons het oor kwantumfisika ‘n lesing gehou wat ... Ek kon nie glo om ons ... wat ... met daai kennis wat daai ou het. So oud soos wat hy is; man jou bek hang oop. So dis vir my eenkeer ‘n maand, en dan elke Saterdag gaan ry ek perd daar by Colin  , ‘n ou vriend van my. Maar ons behoort nie aan die klub nie; ons is nie meer sosiaal nie. Ek geniet die kinders en ons leef rustig en geniet die lewe ... En, ja.

**V:** En toe u terugkom, toe was die land anders ... Was dit nie tydens Republiekwording nie? Was daar ‘n merkbare verskil gewees?

**A:** Nee, nie opsigtelike nie. Maar kan ek wel sê, in my meer as 50 jaar in die bedryf, is dit nie dat ek – ek dink 2 of 3 keer – dat ek swart en wit sien baklei met mekaar. En ek het agtergekom swart en wit het nie probleme nie, maar die probleem lê groot besigheid en klein besigheid.

**V:** Ja. En het julle Republiekwording gevier op Antarktika?

**A:** Ja, ek dink so; dat ek so iets kan onthou.

**V:** Maar dit was nou nie ‘n groot ding gewees nie?

**A:** Nee,  ons het net die vlag ... Martin natuurlik; dit was sy afdeling – hy is ‘n stoere Vierkleurman ...

**V:** Toe het julle nuus gekry uit Suid-Afrika oor die algemeen, of maar net oor julle families?

**A:** Probleem ... Toe Dr Verwoerd die eerste keer geskiet is, toe’t ons net gehoor “geskiet” en toe’s daar ‘n radioversteuring. En ek weet nie hoe lank ons daar gesit het ... Weet, wat nou? ‘n Baie senutergende tyd gewees, tot ons weer kontak gemaak het en hulle sê nee, hy leef en daai soort van ding ... Maar verder was daar nie baie nuus gewees nie. So jy woon op ‘n ander planeet vir daai tyd. En dit het laterhand baie lekker geword, dat, soos ek sê, die uitdagings om dinge te kan doen. Maar jy weet, ek kan. Ek is eintlik oraait, jy weet.

**V:** Hou u nog steeds die nuus dop vir nuus oor Antarktika, of ... ?

**A:** Ja, en ek verstom my oor hoe dit met die ouens gaan. Watter toerusting ... biljarttafel ... Kyk, daai trekkers wat hulle het ... Weet jy, dis ongelooflik as jy sien hoe dit was en hoe hulle dit werk. Toe ons ... ons was primitief; ons was primitief, barbaar gewees. Ek kan nie glo dat ons dit oorleef het nie. Weet, ek het, in daai 15 maande, het ek 'n totaal van 4 ure en 'n klompie minute duisternis gehad, wat nie een van my masjiene meer gewerk het nie, dat ek moes petrollyne oorskakel. My goed het gewerk. Maar dis alles baar en handgemaakte goed. Waterpomp opgepak met 'n Bismarck Ek het 'n stuk koper ... gat geboor en met 'n stuk mes begin krap, en Martin, as my hande kramp, dan vat hy oor, dan krap hy; dan vat ek weer oor, tot ons naderhand die as kon deurkry en die pomp aan die gang gekry. Die olieseëls gebars, dan't ek sommer van velle olieseëls gemaak, jy weet. Jy kan nie glo wat jy kan doen as jy ...

**V:** Ja, ek het die voorreg gehad om op Marion te wees en dis regtig luuks.

**A:** Ja. Nee, ons het in die mees primitiefste omstandighede gelewe. Jy lê hierso, dan gwah! bars die balk hier langs jou. As jy daar gelê het, was jy dood gewees. Sulke soort van goed. So ek het ... my mond hang oop as ek sien hoe lekker hulle leef, binnekant, maar koue bly maar nog koue. Hulle kleredrag is natuurlik heel anders as ons s'n. Hulle het die moderne ... Kyk, ons het nie geweet van plastiek en van nylon en daai soort van goed nie. Ons het regte ou Eerste Wêreldoorlog-klere aangehad. So waar hulle vandag die pragtige liggewiggoed en hulle tente ... En dis weer die tente waar Hannes-hulle in geslaap het ... Ek weet nie ooit hoe hulle dit kon ... Hulle was ag – ek dink hulle was ag of ses manne; ses manne, ek weet nie ... In daai tente bymekaar kon bly, en in 'n Antarktiese winter! Daai ontberings is onbeskryflik. Jy kan nie vir 'n ou vertel wat dit ... Dit is geweldig. En as ek dit deurgemaak het, op so 'n manier, en dan weer moes teruggaan met 'n ander ekspedisie, dan sou ek gesê het dankie, maar nee dankie!

**V:** Wat het die meeste gepla in die winter: die koue of die donker? Of was dit iets anders?

**A:** Nee, jy kry drie situasies. Jy kry eers *long eye*, langoog. Dis wat jy kry as die boot weggaan en jy besef: hey! Ons het een ou gehad; hy't op sy bed gaan lê en net teen die plafon gestaar. Ons het nogal gesukkel om hom weer terug te kry aarde toe, jy weet. Dan kry jy *big eye*, en *big eye* is as jy nie jou werk goed kan doen nie, en dan begin jy na ander ouens kyk en sê: "Kyk wat doen hý; kan jy sien wat doen hý?" om die aandag van jou eie gebreke weg te ... en dan kry jy *Antarctic blues* – dis net na die middel-van-die-winter-fees, dan is jy ... dis so somber. Nou sit ek daar ... Kyk, my werkswinkel was 'n soort van 'n "priesterplek" vir die ouens ... al hulle persoonlike goedjies het wat ek nou nooit sal oorvertel nie ... Maar een ding wat ek wel sal vertel, kom hy in, bietjie bek-af en sê ek ja? Maar kyk, die enjinkamer is lekker warm

met die masjiene wat loop, jy sien. Dan sê ek wat? En hy sê, ou Chris, ek weet darem nie, jong. Dan sê ek wat, jong? Hy sê ek het so vermoede my vrou verneuk my. Ek sê het jy ooit rede gehad? Hy sê nee, natuurlik nie, Ag man  vergeet dit. Ek sê moenie *worry* nie; dis maar net 'n gevoel. En so kom een na die ander ou, elkeen met dieselfde ding. En ou George was nie getroud nie. Hy't só gepraat, jy weet. Nou sê hy: "Ou Chris, ek's nie getroud nie, maar ek dink as ek nou 'n vrou gehad het, het sy my nou verneuk!" Ou George was 'n ou vreemde, vreemde ou. Hy ...

**V:** Watter een was hy nou?

**A:** Hy was die meteoroloog – aan die regterkant, daar êrens –  en hy doen die ... Onthou, ons het nie rekenaars en goed gehad nie. Nou't hy die grafiekblaaie van die goed en dan daai ... Die potlood verdwyn in sy hand. Jy sien net só iets ... En dan sit hy hom neer, op die perfekte lyn, presies ... Jy kan nie glo hoe akkuraat daai ou die goed teken nie. Maar hy kan self nie sien waar hy trek nie; hy't groot hande. Maar dit was hy ... maar hy was ook nie geneig om met ouens te gesels nie. Hy was ook nie hulpvaardig gewees nie; dis nie sy aard nie. My aard, ek help waar ek kan – dis my Dopper-agtergrond, jy sien. So, ja ...

**V:** Nou maar baie dankie. Is daar nog iets?

**A:** Ek weet nie. Ek dink ek het omtrent ... Ek sal onthou as jy weg is. Ah, ek wou jou nog dít vertel het!

**V:** Nee, dis reg. Ons kan altyd weer praat. Ons kan altyd weer gesels. Baie dankie.

**A:** Groot plesier.

## END VAN TRANSKRIPSIE